

Hoofstuk 5

Transnasionale sosiale netwerke

Inleiding

Wat die netwerk-teorie van transnasionale betref, kom nuwe immigrante in verbinding met immigrante wat langer in die land is en bly in verbinding met nie-immigrante in die land van afkoms en die doelwitland, deur middel van interpersoonlike familiebande, vriende, kollegas en kennis.¹ 'n Transnasionale ruimte ontstaan wanneer 'n die grens tussen twee of meer nasionale state oorbreek word, en hierdie state mekaar dus penetreer om so deel te word van 'n enkele nuwe sosiale ruimte. In hierdie nuwe sosiale ruimte vind die uitruil van kultuur, idees, aktiwiteite en simbole plaas.²

In hierdie hoofstuk word daar gefokus op Duits-Suid-Afrikaanse sosiale ruimtes. Eerstens word aandag gegee aan bestaande organisasies waarby die immigrante aangesluit het of van kennis gedra het, soos die Suid-Afrikaans-Duitse Kultuurvereniging (SADK) en die Duits-Afrikaanse Hulpbond (DAHA), wat humanitêre hulp aan Duitsland na die oorlog verleen het. Tweedens word organisasies wat deur die immigrante se eie toedoen of met behulp van Suid-Afrikaanse belangegroep gestig is, onder die vergrootglas geplaas. Dit sluit organisasies soos die Bond vir oud-Duitse soldate en geïnterneerdes, *Evangelische Stadtmission im Südlichen Afrika* (ESSA), *Schlaraffen* en *Heimat*-verenigings, soos die, *Freunde des Deutschen Ostens*, in. Transnasionale ontwikkel in transnasionale sosiale ruimtes en is gebaseer op transnasionale sosiale netwerke. Die veelvoudige verbindings van die immigrant tussen sy land van herkoms en die doelwitland binne transnasionale sosiale groepe, is die wesenlike kenmerk van transnasionale.³

Die essensiële en belangrike sosiale ruimtes is gevul met organisasies en netwerke van persone. Verder is daar die multinasionale besigheidsfirmas soos Siemens, Bavaria Motor Werke (BMW), Volkswagen, Mercedes Benz, *heimat*-verenigings soos die *Freunden des Deutschen Ostens*, 'n Duitse immigrantgroep wat hoofsaaklik bestaan uit vlugteling uit die vroeëre Oos-Europese gebiede soos Oos- en Wes-Pruise, Slesien en Pommern, asook familieverbandsgroepe, soos dié van Gerhardt Freiherr von Ketelholt en Leo Graf von Lüttichau, wat geleë is in mikro-

¹ G.L. Lewis, *Human migration: A geographical perspective*, (Croom Helm, London, 1982), p. 20.

² T. Faist, M. Fauser & E. Reisenauer, *Transnational migration*, (Polity Press, Cambridge, 2013), p. 20.

³ N. Kühn, *Die Wiederentdeckung der Diaspora: Gelebte Transnationalität russischsprachiger Migrantinnen in Deutschland und Canada*, (Springer Fachmedien, Wiesbaden, 2012), p. 45.

dinamiese persoonlike bindinge en makro-dinamiese grootskaalse sosiale formasies.⁴

Die lewe van 'n immigrant is 'n konstante proses van allokering en herallokering in 'n transnasionale wêreld, wat nie gereduseer kan word tot 'n simplistiese konteks van net emigrasie en immigrasie nie. Die prosesse is in konstante vloei en nooit staties nie. Die sosiale ruimtes is virtueel, alles "terselfderplek" en "terselfdertyd" en in dié transnasionale ruimtes ontstaan transnasionale gemeenskappe. Hierdie hoofstuk poog om die minderheid immigrant-gemeenskappe in die Suid-Afrikaanse konteks te beskryf. Binne hierdie sosiale ruimtes speel sosiale praktyke 'n definitiewe rol. Daar is byvoorbeeld bepaalde simboolsisteme wat gebruik word (*Schlaraffen*) en 'n nuwe eiesoortige materiële kultuur word onder die transmigrante gevestig.⁵

'n Nuttige beginpunt vir die bestudering van die transnasionale sosiale ruimtes van die immigrant, is om sy vloeiruumtes, die ruimtes waarbinne hy beweeg tussen die twee nasionale state, te ondersoek. Dit is die ruimtes van plek wat hy skep, ruimtes in die nuwe land wat lyk soos die ruimtes in sy *heimatland*,⁶ die huis waar hy aangepas het, met sy portrette teen die muur en slagspreuke in Duits.



Figuur 29: Werner Schleich se slagspreuk op sy sitkamer muur.⁷ Kan u die versteekte uil vind? Moontlik is die eienaar 'n Schlaraf! Sien die afdeling, *Schlaraffen*, later in die hoofstuk

'n Verdere vraag wat ontstaan is of die transnasionale ruimtelike fenomeen 'n tydelike of langtermyn bestaan het. Hoe lank bestaan strukture soos hierdie in verhouding met die leeftye van die immigrante en die generasies na hulle?⁸ Sommige organisasies sal langer bestaan as daar 'n sterk gestruktureerde basis is, veral aan die kant van die *heimatland*, wat 'n belang het by sy diaspora-lede, soos die *Schlaraffen* en die *Stadtmission* as kerkgenootskap.

⁴ T. Faist, M. Fauser & E. Reisenauer, *Transnational migration*, p. 127.

⁵ N. Kühn, *Die Wiederentdeckung der Gelebte: Transnationalität russischsprachiger Migrantinnen in Deutschland und Kanada*, p. 46.

⁶ T. Faist, M. Fauser & E. Reisenauer, *Transnational migration*, p. 140.

⁷ WPA, Verhandlingsfoto's: H.W. Wehrmeyer, Fairlands, Randburg, 2014.01.11.

⁸ T. Faist, M. Fauser & E. Reisenauer, *Transnational migration*, pp. 46-47.

Die doel van hierdie studie is om te fokus op die transnasionale sosiale strukture. Die ouer Volksduitse immigrante en hulle sosiale strukture is reeds nagevors, soos die Christelike sendelinge en kerke, asook skole en gesentreerde Duitse gemeenskappe, soos dié van Kroondal by Rustenburg, dié by Piet Retief, die Hermannsburgers en ander in Natal en in die Kaap.

Die gebruik om transnasionale sosiale ruimtes te ondersoek, is 'n heuristiese instrument om sosiale strukture, wat 'n eie dinamika het, te bestudeer.⁹ Hieronder volg 'n aantal besprekings van assosiasiegroepe en organisasies wat transnasionale vloei-ruimtes geskep het waarin die Duitse immigrante kon leef en hul eiesoortige identiteit kon vorm en uitleef. Duitse immigrante druk hul eie identiteit uit in groeps- en sosiale verband. Die aantal groepe wat hier uitgesonder word is gering en die bespreking beperk. Daar is nog heelwat meer ruimte vir navorsing onder ander groepe, soos kerkgroepe en transnasionale maatskappye, om 'n paar te noem. Die enkele gevalle wat hier aangedui is, is voorbeelde van insidente wat in die breë plaasgevind het onder die Duitse immigrante in Suid-Afrika.

Die Suid-Afrikaans-Duitse Kultuurvereniging

Duitse immigrasie na Suid-Afrika, die Duitsers se bewondering vir die Boere en die Duitsvriendelike tradisies, was die agtergrond en motivering vir die stigting van die Afrikaans-Duitse Kultuurvereniging (ADK) in 1932, wat later die Suid-Afrikaans-Duitse Kultuurvereniging (SADK) geword het om ook ander Duitssprekende lande in Europa in te sluit. Die SADK is die oudste transnasionale organisasie in die Suid-Afrikaans-Duits verstrengelde geskiedenis en het verskeie takke gehad in die hoofsentra van Duitsland, soos Berlyn en München, wat veral deur dr. H. Hamburger uitgebou is.¹⁰ Die SADK het gedien as kontakpunt tussen die twee lande, vir leerlinge en studente, op akademiese, besigheids-, kulturele en ook politieke gebied. Deur die bemiddeling van die SADK het Suid-Afrika en Duitsland in 1962 'n kultuurverdrag gesluit, wat onderteken is deur die Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap, Jan de Klerk en die Duitse ambassadeur, Karl K. Overbeck, in die teenwoordigheid van dr. Harald Hamburger, wat die skakel in die proses was.¹¹ Die geskiedenis van die SADK is reeds nagevors en verskeie werke bestaan daarvoor.¹²

Die boek van Helmut Stäcker, 'n Duitse immigrant na die oorlog, *Geschichten, die das Leben schreibt*, is 'n bewys van sy talryke verhoudinge met prominente Duitse immigrante. Die lewens van 36 van hierdie immigrante is in dié boek saamgevat. Die skryf van memoriae en biografieë is 'n prominente kenmerk van Duitse immigrante

⁹ T. Faist, M. Fauser & E. Reisenauer, *Transnational Migration*, p. 21.

¹⁰ H. Stäcker, (ed.), *Geschichten, die das Leben schreibt*, (Stups Printing, Kroondal, 1998), pp. 87-98.

¹¹ W. Schellack, *Sechzig Jahre SADK, 1932-1992*, (Sigma Press, Pretoria, 1992), p. 52.

¹² W. Van der Merwe, *Die geskiedenis van die Afrikaans- en Suid-Afrikaans-Duitse Kultuurvereniging, 1932-1982*, (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria, 1982).

en hierdie bronne, hetsy gepubliseer of ongepubliseer, kan van onskatbare waarde wees vir navorsers.

Die SADK het 'n brug gevorm tussen die Volks-Duitsers van Suid-Afrika en die nuwe Duitse immigrante na die Tweede Wêreldoorlog, die Reichsduitsers. 'n Groot aantal van die nuwe Duitse immigrante was ook deel van die SADK en het in die strukture gedien saam met die Volksduitsers, maar hulle het ook hul eie unieke transnasionale sosiale strukture ontwikkel. Daar was egter oorvleueling tussen die Volksduitsers en die Reichsduitsers, byvoorbeeld in die Bond vir oud-Duitse soldate en geïnterneerdes. Tydens die Tweede Wêreldoorlog is 'n groot aantal Volksduitsers saam met die anti-regeringgesinde Suid-Afrikaners in interneringskampe geplaas.

Duitse immigrante soos dr. R. Krahnemann,¹³ die stigter van die Afrika-Instituut, H. Thormeyer,¹⁴ redakteur van die Duitse nuus en aktualiteitstydskrif, *Afrika Post* en Hella Pfannkuch,¹⁵ navorser en kampvegter vir Suid-Afrika in Duitsland, was van die prominente lede van die SADK. Die SADK het ook vir verskeie jare 'n joernaal uitgegee, getiteld "*Brucka*". 'n Belangrike groepie Duitse immigrante wat na die oorlog in 1948 na Suid-Afrika gekom het, was die Duitse weeskinders. Hulle geskiedenis is opgeteken in die boek, "*Vir 'n blanke volk*".¹⁶ Sommige van hulle, soos prof. Werner van der Merwe/Schellack, het prominente leiers in die SADK geword.¹⁷

Dr. Jens Krüger, algemene sekretaris van die SADK, het op 13 Mei 1992 die, *Verdienstkreuz am Bande des Verdienstordens der Bundesrepublik Deutschland*, ontvang in Pretoria.¹⁸ Hierdie medalje word deur die Duitse regering gegee aan Duitse burgers wat die Duitse volk en Duitse belange in die buiteland bevorder het.

Die Duits-Afrikaanse hulpbond

Na die oorlog was die humanitêre toestand in Duitsland haglik. Fabriekke, die infrastruktuur, alles was vernietig en daar het hongersnood geheers. In reaksie hierop is die *Deutsch Afrikanische Hilfsausshuß* (DAHA), die Duits-Afrikaanse Hulporganisasie gestig, om humanitêre hulp, soos kos, klere en medisyne in Suid-Afrika te versamel. So byvoorbeeld het die Kroondal-Rustenburg-tak van die DAHA 114 pakkies met benodighede in 1948 na Duitsland gestuur. Drie-en-twintig van hierdie pakkies was bydraes van die katkisanse van daardie jaar. Hulle het ywerig die

¹³ W. Schellack, *Sechzig Jahre SADK, 1932-1992*, (Sigma Press, Pretoria, 1992), p. 39.

¹⁴ W. Schellack, *Sechzig Jahre SADK, 1932-1992*, p. 39.

¹⁵ W. Schellack, *Sechzig Jahre SADK, 1932-1992*, p. 46.

¹⁶ W. van der Merwe, *Vir 'n "Blanke volk": Die verhaal van die Duitse weeskinders van 1948*, (Perskor Uitgewers, Johannesburg en Kaapstad, 1988.)

¹⁷ W. Schellack, *Sechzig Jahre SADK, 1932-1992*, p. 114.

¹⁸ W. Schellack, *Sechzig Jahre SADK, 1932-1992*, p. 145.

inhoud vir die pakkies versamel en self ook geld ingesamel vir die versending daarvan.¹⁹

Ursula Spies, gebore Verleger, vertel dat haar vader, prof. Heinz Verleger, 'n kernfisikus, voor die oorlog saam met die Suid-Afrikaner, prof. M. Naudé van die Universiteit van Pretoria, gestudeer het. Direk na die oorlog het prof. Naudé weer kontak met prof. Verleger gemaak en hom aangemoedig om na Suid-Afrika te immigrer. Daar was egter 'n lang wagperiode van drie jaar waartydens Heinz Verleger geen werk kon kry nie. Gedurende hierdie periode, vertel Spies met dankbaarheid, het hulle met die hulp van prof. Naudé kospakkies van die DAHA ontvang.²⁰

Die DAHA was verantwoordelik vir die versending van tienduisende pakkies voedsel na Duitsland terwyl hongersnood hoogty gevier het. Naas die DAHA was daar ook die Vroue-noodleningskomitee wat dit hul taak gemaak het om hoofsaaklik klerasie en komberse na Duitsland te stuur. Een van die persone betrokke by die Vroue-noodleningskomitee was Nelle Liebenberg, by wie die gedagte van kinderimmigrasie posgevat het.²¹

Baie Afrikaners het gevoel hulle het 'n morele skuld om te vereffen as gevolg van die hulp wat hulle van die Duitse volk ontvang het na die vernietigende Anglo-Boereoorlog van 1899-1902. In 1948 is dan 87 Duitse weeskinders onder leiding van Schalk J. Botha en dr. M. Vera Bührmann van die Dietse kinderfonds na Suid-Afrika gebring.²² Een van die prominentste van hierdie kinders was die latere Generaal Lothar Neethling (gebore Tietz) wat die hoof van die Suid-Afrikaanse Forensiese departement sou word.²³

Helmut Stäcker is na Burgsteinfurt, in Nordrhein-Westfalen, na die oorlog, waar daar in 1995 nog verlangse familie van Wolfgang Wehrmeyer gewoon het.²⁴ Hulle het daar briewe en pakkies met kos en klere van hulle familie in Suid-Afrika deur die DAHA ontvang. Stäcker se oumagrootjie se broer het in die vorige eeu na Suid-Afrika geïmmigreer, en op uitnodiging van 'n niggie van sy moeder, Lina Wenhold het hy na Kroondal gekom.²⁵

¹⁹ H. Stäcker, H. Behrens, E.E. Penzhorn, (eds.), *100 Jahre Deutsche Evangelisch-Lutherisch Kirchengemeinde, Kroondal, Südafrika, 1896 bis 1996*, (Stups Printing, Kroondal-Rustenburg, 1996), p. 15.

²⁰ WPA, MO (4B), U. Spies, gebore Verleger, (78), Groenkloof, Pretoria, 2014.08.06, (NF79, CD: X-22).

²¹ E. De Lange, *Die verhaal van die Dietse kinderfonds*, (Potschefstroom Herald (Edms.) Bpk., Potschefstroom, 1970), p. 11.

²² E. De Lange, *Die verhaal van die Dietse kinderfonds*, pp. 6, 9, 16.

²³ A. Jordaan, *Lothar Neethling: 'n Lewe vertel*, (Litera Publikasies, Paarl Media, Paarl, 2013), p.

²⁴ WPA, H.W. Wehrmeyer, My herinneringe en aantekeninge oor die verlede en hede, p. 39.

²⁵ WPA, MO (2B), H. Stäcker, (85), Brauhaus am Damm, Rustenburg, 2013.012.01, (NF47, CD: W-17): H. Stäcker, (ed.), *Geschichten, die das Leben schreibt*, (Stups Printing, Kroondal, Rustenburg, 1998), p. 223.

Wanneer mense nood ervaar en deur ander gehelp word, ontstaan hegte wedersydse verhoudinge, wat gekenmerk word deur selfopoffering en dankbaarheid. Dit is presies wat tussen Afrikaanse en Duitse kultuurgroepe plaasgevind het.

Tussenregeringskomitee vir Europese Verhuising en Transa (EDMS.) BPK.²⁶

Die Suid-Afrikaanse regering, met die Nasionale Party aan bewind, wou graag vanaf 1948 die getalle blankes in Suid-Afrika vermeerder en ook die ekonomie laat groei. Daarvoor was gekwalifiseerde immigrante nodig - mense met kennis, veral tegniese kennis. Direk na die oorlog het die Tussenregeringskomitee vir Europese Verhuising, (T.R.K.E.V.), wat kantore in Duitsland, Oostenryk, België, Italië en Griekeland gehad het, gehelp om vlugtelinge/immigrante na Suid-Afrika te bring.²⁷

In die volgende tabel word die getalle van Duitse immigrante, wat deur die Tussenregeringskomitee vir Europese Verhuising na Suid-Afrika gekom het, aangedui.²⁸

Jaar	Getal Duitse immigrante
1952-1956	1096
1957	2901
1958	2662
1959	2315
1 Jan 1961 tot 31Okt 1961	1193

Aan die begin van die 1960's, het toestande in Duitsland drasties begin verander. Duitsland het sy eie mense nodig gehad om die land op te bou en wou nie openlike werwing toelaat nie. Daarom het die Suid-Afrikaanse regering fondse aan Transa (EDMS.) BPK., beskikbaar gestel vir elke Duitse immigrant wat hulle gewerf het. Die bestuurder van Transa (EDMS.) BPK., mnr. Möller,²⁹ was self 'n Duitse immigrant. Duitsers wat onder sy beskerming na Suid-Afrika gekom het, het name en adresse aan hom verskaf wat hy dan per pos opgevolg het. Sy kostes aan personeel en

²⁶ H.W. Wehrmeyer, Suid-Afrika en Duitsland in die twintigste eeu – Immigrasie na Suid-Afrika. 'n Transnasionale, vergelyking van verstrengelde geskiedenis, (Hons-skripsie, Vaaldriehoekampus van die Noordwes-Universiteit, Vanderbijlpark, 2012), p. 14.

²⁷ Nasionale Suid-Afrikaanse Argiefbewaarplek, Hamiltonstraat, Pretoria, Argief van die Tesourie, Lêer [48/45/9], Immigration – European Immigration Scheme. Expenditure i.c.w. visits by officials of overseas countries i.c.w. immigration matters – Individual cases. Kabinets memorandum van Augustus 1965, p.1.

²⁸ Nasionale Suid-Afrikaanse Argiefbewaarplek, Hamiltonstraat, Pretoria, Argief van die Tesourie, Lêer [48/45/9], Immigration – European Immigration Scheme. Expenditure i.c.w. visits by officials of overseas countries i.c.w. immigration matters – Individual cases. Kabinets memorandum van Augustus 1965, p.1.

²⁹ Voorletters onbekend.

administrasie was hoog, maar dit het goeie vrugte afgewerp.³⁰ Möller het, deur gebruik te maak van die transnasionale verhoudinge van Duitse immigrante, die kontakbesonderhede van familie en vriende in die hande gekry en gebruik om nog Duitse immigrante vir die Suid-Afrikaanse regering te werf.

In Januarie 1964 het Transa (EDMS.) BPK. byvoorbeeld 146 Duitse immigrante na Suid-Afrika gebring. Hulle was meestal goed gekwalifiseerde, ongetroude mans in beroepe waaraan Suid-Afrika 'n ernstige tekort gehad het, naamlik passers, draaiers, ketelmakers, gereedskapmakers, messelaars, skrynwerkers, motorwerktuigkundiges en ingenieurs.³¹

Adolf Helmer was een van die Duitse immigrante wat deur Transa (EDMS.) BPK., gewerf is. Hy was 'n skrynwerker en vertel dat Möller hom op die lughawe ontvang het. Möller het 'n paar rondawels beskikbaar gehad as tydelike akkommodasie, waarvan Helmer gebruik gemaak het.³² In transnasionale vind mens dat sommige persone 'n skakel vorm tussen die diaspora en die immigrant se land van herkoms. Möller was hierdie persoon, in die periode van transito, met wie die immigrante geskakel het, 'n agent van die andersoortige persepsies van kulturele identiteite, wat die Duitse immigrante gehelp het om hulself met die nuwe kultuur te vereenselwig. Hy het hulle ook gehelp om akkommodasie en werk te kry en riglyne gegee oor hoe om aan te pas en te oorleef in die nuwe kultuur.³³ In die 1960's was Transa verantwoordelik vir ongeveer die helfte van alle Duitse immigrante wat na Suid-Afrika toe gekom het. Transa was 'n organisasie wat binne die transnasionale vloei ruimte tussen Suid-Afrika en Duitsland gefunksioneer het.

Afrika Post

Die *Afrika Post*, *Unabhängige Deutsch-Südafrikanische Zeitschrift*, was 'n maandelikse tydskrif wat net in Duits verskyn het. Dit was vir die nuwe Duitse immigrante en Volks-duitsers van Suid-Afrika 'n belangrike bron van inligting oor

³⁰ Nasionale Suid-Afrikaanse Argiefbewaarplek, Hamiltonstraat, Pretoria, Argief van die Tesourie, Lêer [48/45/9], Immigration – European Immigration Scheme. Expenditure i.c.w. Visits by officials of overseas countries i.c.w. Immigration matters – Individual cases. Kabinetsmemorandum: Subsidie wat betaal word aan die South African Immigration Organisation, (SAMORGAN) en TRANSA (EDMS.) BPK., Kaapstad, Mei 1964, p.4.

³¹ Nasionale Suid-Afrikaanse Argiefbewaarplek, Hamiltonstraat, Pretoria, Argief van die Tesourie, Lêer [48/45/9], Immigration – European Immigration Scheme. Expenditure i.c.w. Visits by officials of overseas countries i.c.w immigration matters – Individual cases. Kabinetsmemorandum: Subsidie wat betaal word aan die South African Immigration Organisation, (SAMORGAN) en TRANSA (EDMS.) BPK., Kaapstad, Mei 1964, p.4.

³¹ Nasionale Suid-Afrikaanse Argiefbewaarplek, Hamiltonstraat, Pretoria, Argief van die Tesourie, Lêer [48/45/9], Immigration – European Immigration Scheme. Expenditure i.c.w. Visits by officials of overseas countries i.c.w immigration matters – Individual cases..., p.4.

³² WPA, MO (1B), A. Helmers, (78), Centurion, 2011.08.06, (NF14, CD: x-13, 14).

³³ Kyk D. Hoerder, "Losing national identity or gaining transcultural competence: changing approaches in migration history.", in H.G. Haupt & J. Kocka (eds.), *Comparative and transnational history*, p. 258

hulle gemeenskap en hul *heimatland*, Duitsland. Die jarelange redakteur, H.G. Thormeyer (1901-1976), was hoog geag in die Duitse gemeenskap. Hy was 'n gereelde besoeker by die Kroondal *Siedlertag* en word onthou as iemand wat getrou verslag gedoen het in die *Afrika Post*.³⁴ Die *Afrika Post* het reeds in 1955 verskyn en is tot en met die laaste uitgawe van 1960 in die Hesse Duitse Afrikana argiefbewaarplek, Universiteit van Suid-Afrika, beskikbaar.³⁵ Die navorser het nog verdere kopieë ontvang van dr. U. Bantz tot 1979.

'n Ondersoek na die temas in die *Afrika Post* van April 1955, gee 'n goeie indruk van die inhoud wat in dié maandtydskrif behandel is. Op die eerste bladsy, onder die naam *Südafrika – Weiß oder Schwarz?*, word die tema van bevolkingsgroei in Suid-Afrika en wat die regering moontlik daaromtrent gaan doen behandel.³⁶

Verder was die gebeure in Duitsland, veral ten opsigte van die ekonomie, van belang. Elke *Afrika Post* het 'n bladsy met die opskrif *Aus der Deutschen Wirtschaft* gewy aan 'n afdeling waar brokkies nuus oor die ekonomie weergegee is. Duitsland se fabrieksproduksie is vergelyk met ander lande. Syfers van belasting wat die regering ingevorder het, is weergegee. Die vooruitgang van die verffabriek "Bayer A.G." is beskryf, asook die vergroting van die Duitse handelsvloot, in bruto tonne-maat. Die uitvoer van motors na Swede en die feit dat Duitse motorvervaardigers Engeland as top motorvervaardiger in die wêreld se plek ingeneem het, is berig.³⁷ 'n Artikel, *Deutsche Weihnachten in Afrika*, "Duitse Kersfees in Afrika", het in 1956 beskryf hoe Duitse immigrante Kersfees in Suid-Afrika gevier het, in stede soos Oos-Londen, Vanderbijlpark, Kaapstad en Pretoria, en hoe hulle terugverlang het na 'n Duitse Kersfees met sneeu en dennebome.³⁸

Die *Afrika Post* was 'n belangrike kommunikasiemedium onder die Volks-Duitsers en Reichs-duitse immigrante, ook in Duitsland. Die tydskrif het advertensies, kerkprogramme en werksgeleenthede gepubliseer. Leo von Lüttichau het die *Afrika Post* gelees en die kopieë op sy plaas gehou totdat hy sy plaas verkoop en afgetree het. Hy het die publikasie interessant en nuttig gevind.³⁹ Adolf Helmers het ook die *Afrika Post* gelees en aan die navorser 'n eksemplaar gegee wat dateer uit 1955. Gisela Kahler vertel dat sy nie die *Afrika Post* gelees het nie, maar dat haar man dit graag gelees het.⁴⁰ Dr. Ulrich Bantz het elke *Afrika Post* versamel en self verskeie artikels vir die *Afrika Post* geskryf.⁴¹

³⁴ H. Behrens & H. Stäcker, (eds.), *Festschrift zum 50. Deutschen Tag Kroondal auf dem Festplatz Bergheim, 1920 bis 1981*, (Simmy's Printers, Krugersdorp, 1981), p. 34.

³⁵ A. Van der Westhuizen, [avdwesth@unisa.ac.za], Archives and Special Collections, Unisa, private e-pos aan H.W. Wehrmeyer, [hermann@fitzanne.co.za], 2015.07.20.

³⁶ H.G. Thormeyer, (red.), *Afrika Post*, (Caxton Limited, Pretoria, Apr 1955), p. 1.

³⁷ H.G. Thormeyer, (red.), *Afrika Post*, p. 24.

³⁸ H.G. Thormeyer, (red.), *Afrika Post*, p. 33.

³⁹ WPA, MO (2B), L.W.T. Graf Von Lüttichau, (75), Groenkloof, Pretoria, 2013.01.12, (NF49, CD: X-2).

⁴⁰ WPA, MO (1B), G. Kahler, (90), Pretoria, 2015.07.25, (NF26, slegs notas).

⁴¹ WPA, MO (3B), H.U. Bantz, (87), Fairlands, Randburg, 2015.07.25, (NF64, slegs notas).

AFRIKA-POST

Unabhängige Deutsch-Südafrikanische Zeitschrift

AFRIKA POST
28 Hochstätter Haus
280 Andries Str., Pretoria
Telefon:
3-0698 (Büro) — 2-0917 (nach Bürozeit)
EIGENTUMER UND HERAUSGEBER
AFRIKA POST (PTY.) LTD

Copyright by
AFRIKA POST (PTY.) LTD.

Verantwortlicher Schriftleiter:
H. G. Thormeyer

Printed by:
Caxton, Limited,
Pretoria.

Auslands-Anzeigenannahmestellen:

Deutschland:
ANZEIGEN-PAKLER
München 1
Weinstraße 4
Tel.: 2-6221

Österreich:
AZET-Werbemittlung,
Wien, I. Kärntnerstrasse 17/13.
Tel.: R 24 3 88

Für unverlangt eingesandte Manuskripte und Fotos wird keine Gewähr übernommen. Rücksendungen nur bei beigelegtem Rückporto.

Fotos auf Hochglanzpapier, Format mindestens 9 × 12 cm.

Die Afrika Post erscheint einmal monatlich.

Anzeigenaufträge müssen zehn Tage vor Erscheinen aufgegeben sein.

BEZUGSPREISE:

12 Hefte in Süd- und Südwestafrika 18/6
Im restlichen Afrika 19/-
Übersee 20/-

einschliesslich Porto


Zu unserem Titelbild
Vortrereker Denkmal, das zur Erinnerung an die Pioniere Südafrikas bei Pretoria erbaut und 1949 feierlich eingeweiht wurde.

AFRIKA POST, Oktober 1955

100 Jahre Pretoria

Die Gründung Pretorias war nicht dem Zufall überlassen worden, sondern entsprang dem Gedanken, einen zentralen Ort zu schaffen, an dem der Volksrat der jungen Südafrikanischen Republik sich zu gemeinsamen Besprechungen versammeln konnte. Vor der Gründung Pretorias, nach Abschluss des Sandrivier-Vertrages im Jahre 1852, durch den Grossbritannien die Unabhängigkeit Transvaals anerkannt hatte, wohnten etwa 16 000 Büren nördlich des Vaalflusses, verteilt in vier kleine Gemeinwesen Potchefstroom, Lydenburg, Utrecht und Zoutpansberg. In Potchefstroom war nach dem Tode von Andries Pretorius, dessen Sohn Marthinus Wessel Pretorius zum Generalkommandanten für Potchefstroom und Rustenburg gewählt worden. Wie so viele der ersten Siedler im Oranje Freistaat und Transvaal war auch Pretorius deutscher Abstammung. Seine Vorfahren hatten in dem hannoverschen Ort Schütteldorf gelebt, von wo sein Urgrossvater, Behrend Wessel Schulte, mit seiner Frau nach Holland ausgewandert war. Die Familie hatte dann später den latinisierten Namen Pretorius angenommen.

Die in den vier obengenannten Gebieten weit verstreuten Büren sahen sich wegen der grossen Entfernungen nur selten Auge in Auge. Das Ergebnis davon war,



Dieses Bild wurde von dem Direktor der Berliner Mission G. Wangemann unfälschlich eines Besuchs von Pretoria gezeichnet. Links vom Rondavel die Kirche auf dem Kirchplatz, rechts vom Rondavel das Haus des deutschen Pastors J. Knothe in der Visagiestr.

dass der Volksrat, der keinen festen Tagungsort hatte, oft feststellen musste, dass das, was von einer Gruppe auf einer Versammlung beschlossen wurde, von einer andern Gruppe, die ihre Versammlung sonstwo anders abhielt, nicht ausgeführt wurde. Einer der ersten, der erkannte, dass dieser Zustand völlig unbefriedigend war und dass, wenn man nichts dagegen tat, eine sehr ernste Gefahr für die Entwicklung der jungen Republik bestand, war Marthinus Wessel Pretorius, der später der erste Präsident der Südafrikanischen Republik und als einziger zugleich der Präsident des Oranje Freistaates wurde. Er war davon überzeugt, dass diese Missstände zu einem grossen Teil auf die Tatsache zurückzuführen waren, dass der Volksrat keinen zentral gelegenen Versammlungsort hatte. Er vertrat auch den Standpunkt, dass Potchefstroom, wie man es zuerst vorhatte, als Hauptstadt der Republik wegen seiner Lage völlig ungeeignet war.

Als Pretorius eines Tages in das Gebiet des Apiesflusses kam, war er tief beeindruckt von der Schönheit dieser Gegend und vor allem von dem hier vorgefundenen Wasserreichtum, der diesen Platz als sehr geeignet für die Gründung einer Stadt erscheinen liess. Das Gebiet, in dem heute Pretoria liegt, war damals kaum besiedelt. Der erste, der sich hier in diesem schönen Tal niedergelassen hatte,

Figuur 30: Voorblad van die Afrika-Post, 'n 1955 uitgawe ⁴²

Bond vir oud-Duitse soldate en geïnterneerdes

Gedurende die Tweede Wêreldoorlog is baie Duitse mans in interneringskampe geplaas, saam met Afrikaners wat die Duitsers goedgesind was. Dr. Erich Leistner, gebore in Leipzig, was in interneringskampe van 1939-1947 en spesifiek van 1943-1944 saam met sy vader in die Andalusië interneringskamp, naby Jan Kempdorp.⁴³

Die *Afrika Post* het in die September 1966-uitgawe berig oor die "Bond vir Oud-Duitse soldate en geïnterneerdes". In Augustus 1966 het die *Kameradschaft*

⁴² Afrika Post, Pretoria, Oktober 1955, p. 1.

⁴³ E. Leistner, *Erinnerungen 1926-2013*, (Ongepubliseerde memoires, Pretoria, 2013), pp, 13-15.

Deutscher Soldaten in Pretoria hul eerste groot gesamentlike vergadering gehad. Kameraad Fedder kon met genoegdoening vasstel dat hulle getalle gegroei het. Die doel van die organisasie was om kameraadskap en hulp aan mekaar te gee en om vir mekaar te sorg. Die kameraadskap was kerklik inter-denominaal, nie-polities en het enige Duitser as stemgeregtigde aangeneem, al was hy ook buite Duitsland in 'n interneringskamp. Die organisasie was nie deel van die MOTH's, 'n organisasie vir oud Suid-Afrikaanse Weermagsoldate wat in die Tweede Wêreldoorlog teen die Duitsers geveg het nie. Hulle het die eerste Maandag van elke maand in die *Deutsche Verein*, in Pretoria bymekaar gekom.⁴⁴

Die *Volkstrauertag* was een van die *Kameradschaft Deutscher Soldaten* se bymeekaarkom-geleenthede en word nog jaarliks in November gevier, waarvan die laaste in 2014. Dit is 'n dag wanneer hoofsaaklik die ou Reichs-duitsers aan hulle gevalle en afgestorwe kamerade dink. Die dag word gevier op 'n Sondag in die Rebeccastraat-begraafplaas in Pretoria-Wes, waar daar 'n monument opgerig is in die 1970's. Op die eerste herdenkingsbyeenkoms het die Duitse mannekoor onder leiding van Volker Mengelberg opgetree.⁴⁵

Op hierdie *Volkstrauertage* is die ou Duitse Volkslied gesing, iets wat vandag nog steeds plaasvind:

Deutschland, Deutschland über alles, über alles in der Welt.⁴⁶

Asook: *Ich hatt' einen Kameraden*.

Ich hatt' einen Kameraden, Einen bessern find'st du nicht. Die Trommel schlug zum Streite, er ging an meiner Seite, im gleichen Schritt und Tritt, im Gleichen Schritt und Tritt...⁴⁷

Ek het 'n kameraad gehad en nêrens vind mens 'n beter kameraad nie... Een wat by jou staan, in swaarkry, tree vir tree aan jou sy...

Vir die afgelope 12 jaar staan die *Volkstrauertage* onder leiding van Horst Graefe, 'n Duitse immigrant en redakteur van die *Südafrika-Deutsch Zeitung* en eienaar van die boekwinkel *Hutten-Buchdienst* in Pretoria.⁴⁸ Van die toesprake is gelei deur Gudrun Helmers⁴⁹ en dr. Pol Doussy, 'n Vlaamse immigrant met hegte Duitse bande.⁵⁰ In *Der Südafrika-Deutsche* het Graefe oor die afsterwe

⁴⁴ H.G. Thormeyer, (red.), *Kameradschaft Deutscher Soldaten*, Pretoria, *Afrika Post*, (Caxton Limited, Pretoria, Sep 1966), p. 45; WPA, H.W. Wehrmeyer, *Transnasionale organisasies werkboek*, p. 45.

⁴⁵ WPA, MO (1B), V. Mengelberg, (85), Valhalla, Pretoria, 2011.11.20, (NF21, CD: V-3,4).

⁴⁶ WPA, MO (4B), H.W. Wehrmeyer, (53), Bothaville, 2015.06.05, (NF95, slegs notas)

⁴⁷ WPA, H.W. Wehrmeyer, *Transnasionale organisasies werkboek*, pp. 30-31.

⁴⁸ WPA, MO (1B), H.W. Wehrmeyer, (51), Capital Park, Pretoria, 2012.11.18, (NF95, slegs notas).

⁴⁹ WPA, MO (1B), G. Helmers, (83), Centurion, 2011.08.06, (NF15, CD: X-13,14).

⁵⁰ WPA, MO (4B), P. Doussy, (90), Pretoria, 2014.11.16, (NF90, slegs notas).

van dr. P. Doussy op 14 April 2015 berig. Hy het dr. P. Doussy beskryf as 'n begeesterde aanhanger van Adolf Hitler, wat sy hele lewe lank vir Duitsland ingetree het. Op die *Volkstrauertage* vir gevalle Duitse soldate, was hy dikwels 'n entoesiastiese spreker. Sy laaste toespraak was op 16 November 2014.⁵¹



Figuur 31: Volktrauertag in die Rebeccastraat-begraafplaas, 2014⁵²

Die persone wat die *Volkstrauertag* bywoon is 'n klein minderderheidsgroepie van die Duitse immigrante. Hulle hunker onopsigtelik terug na die verlede, na Nasionaal-Sosialisme en 'n tyd van 'n groot leier. Die ou Duitse vlag wapper weer. Toesprake het 'n politiese ondertoon. Op die *Volkstrauertag* van 18 November 2012, het Gudrun Helmers in haar toespraak onder andere verwys na die Nürnberg-verhore, na die Tweede Wêreldoorlog as een van die grootste sirkusse van die wêreld. Graefe het gepraat oor die "Heilige Duitsland". Hy het die jare na die oorlog negatief ervaar. Hy het gesien hoe soldate na die oorlog blind en sonder bene, gebedel het. Soms het hy bewoë geword as hy vertel het van die groot hoeveelhede vrouens en dogters wat verkrag is en die groot lyding van die Duitse volk.⁵³ Opmerklik anders as soortgelyke byeenkomste van Afrikaners, is daar geen skriflesing en gebed by die

⁵¹ H. Graefe, (ed.), *Zwei unserer Leser sind gestorben*, *Der Südafrika-Deutsche*, (Huttenbucher-Dienst, Pretoria, Vol 851), 2015.04.21.

⁵² WPA, Verhandelingfoto's: H.W. Wehrmeyer, Pretoria, 2014.11.23.

⁵³ WPA, H.W. Wehrmeyer, *My herinneringe en aantekeninge oor die verlede en hede*, pp. 22-26.

Volkstrauertage nie. In die nuwe Suid-Afrikaanse sosiale ruimte, by die Rebeccastraat-begraafplaas in Pretoria-Wes, vind ou simbole, idees en gevoelens uiting.

Duitse immigrante in Suid-Afrika het nie hul verlede vergeet nie en probeer kontak met die verlede behou deur gedenkdae te vier. Die groepie wat direk met die oorlog te doen gehad het, raak al hoe kleiner en ouer, met die meeste persone nou in hul tagtigerjare. Die geslag na hulle is nie betrokke by hierdie herinneringe nie en die *Volkstrauertag* sal waarskynlik oor 'n paar jaar doodloop in Suid-Afrika. In hierdie geval is die transnasionale fenomeen tydelik en duur dit net gedurende die leeftyd van die immigrant self.⁵⁴

Schlaraffen

Schlaraffia is 'n wêreldwye Duitssprekende gemeenskap bestaande uitsluitlik uit mans en het in 1859 in die stad Praag (Prague), wat toe binne die Oostenrykse Ryk geval het, tot stand gekom. *Schlaraffen* sweer trou aan mekaar, om mekaar in vriendskap te ondersteun en om die Duitse kultuur en humor te bevorder. Die *Schlaraffen* is 'n transnasionale organisasie waar enige manlike Duitser en ook die *Reichs*-duitse immigrante, onder bepaalde omstandighede 'n tuiste kan vind. Die Duitsers het moontlik gevoel dat hul mag ontnem is na die oorlog. In Suid-Afrika was hulle bywoners, setlaars, immigrante en vlugteling uit die Oostelike, voormalige Duitse gebiede en Oos-Duitsland.

⁵⁴ T. Faist, M. Fauser & E. Reisenauer, *Transnational migration*, pp. 46-47.



Figuur 32: Gerhard Freiherr von Ketelhodt, alias, Goldertz – se Schlaraffen hoed ⁵⁵

Deur deel te wees van die *Schlaraffen*, het die Duitsers hul situasie aangespreek en verwerk deur humor en satire. Dit was 'n ekstreme vorm van politiekery waarvolgens Duitsers in groepskonteks die situasie waarin hulle hulself bevind het verantwoord en verdramatiseer het, op so 'n wyse dat hulle eintlik gesê het 'ons is hier, kom ons lag oor iets anders, kom ons kyk na iets anders, iets sinneloos'. Dit was verder ook 'n tipe van eksistensialistiese benadering wat in die eerste helfte van die twintigste eeu baie sterk was en fenomenologies verdiskonteer is teen 'n vernietiging van die werklikheidsbesef of -bewustheid. Dit was 'n soort meganiese binne-'n-groepkonteks om sekuriteit te verkry, die wete dat 'ons' in die groep dieselfde gevoel het en dieselfde taal gepraat het, nl. die *Schlaraffen* taal. 'Ons dink dieselfde, ons het dieselfde vrese en die dieselfde verwagtinge'.⁵⁶

Die *Schlaraffen* verteenwoordig 'n soort sosiologiese dinamika wat 'n mens kry by die Rotariërs, Rapportryers, Vryemesselaars en die Afrikaner Broederbond. Mense het die behoefte om bymekaar te kom en dit is 'n manier om 'n soort kultuurbeskerming vir hulself te verwerk. Dit gaan ook oor 'n sosiale en ekonomiese verskansing.⁵⁷ Die *Schlaraffen* is 'n netwerk van invloedryke manspersone, in besigheid, intellektueles, onderwysers en leiers in die gemeenskap. Rüsç se seun, wie 'n prokureur is, is ook 'n *Schlaraf*.⁵⁸ Gerhard Freiherr von Ketelholdt, was 'n *Schlaraffen* ridder en sy seuns is ook deel van die *Schlaraffen*.⁵⁹ Die *Schlaraffen* bied die geleentheid vir die ou adel om in die verlede terug te leef, in 'n omgewing van kastele en ridders en die ou Middeleeuse sosiale strukture. Die rekrut ontvang 'n *Schlaraffen*-naam, gewoonlik

⁵⁵ WPA, Verhandelingfoto's: H.W. Wehrmeyer, Goldertz, Randburg, 2011.08.07.

⁵⁶ WPA, MO (7B), J. Tempelhoff, Vanderbijlpark, 2014.08.14 (NF201, slegs notas, p. 77).

⁵⁷ WPA, MO (7B), J. Tempelhoff, Vanderbijlpark, 2014.08.14 (NF201, slegs notas, p. 77).

⁵⁸ WPA, MO (1B), L.L.R. Rüsç, (87), Garsfontein, Pretoria, 2011.06.01, (NF04, CD: X-1).

⁵⁹ WPA, MO (1B), G.L.V.H.K.W. Freiherr von Ketelhodt, (83), Randburg, 2011.08.07, (NF07, CD: U-20).

iets eie aan die persoon. Von Ketelhodt se *Schlaraffen*-naam was, *Goldertz*, na aanleiding van die feit dat hy vir jare 'n skofbaas op 'n goudmyn was.



Figuur 33: Gerhard Freiherr von Ketelhodt (middel) saam met ander Schlaraffen ⁶⁰

Die *Schlaraffen* vergader gewoonlik een keer in 'n week in 'n *Schlaraffen*-kasteel, of wat die Duitsers 'n Burg noem. Binne die Burg lyk dit soos 'n kroeg uit die Middeleeue. So 'n versameling word 'n *Sippungen* genoem. Hulle maak satires uit die alledaagse dinge en hou ou vorms van sêgoed lewendig, so ook ou liedere wat hulle sing uit hul eie sangbundel. Hulle praat 'n ou Duitse vorm van dialek met Latynse woorde. In *Schlarafiese* Latyn is 'n skoonma die Kasteelmonster. Hulle totum is die uil. Uile is oral te sien in die Burg en word vereer gedurende die rituele. Daar is ongeveer 280 *Reychs* in die wêreld en hulle is in noue kontak met mekaar. Hulle het ook 'n tydskrif met die naam *Der Schlaffia Zeihtungen*,⁶¹ wat maandeliks gepubliseer word. Daar is ongeveer 11 000 *Schlaraffen*lede. Nuwe lede moet voorgestel word deur 'n ander *Schlaraf*. 'n Probasieperiode moet voltooi word, voor daar 'n algemene stemming is om die persoon te aanvaar. Een van die eerste dinge wat Herwig Rudolf gesê het, is dat daar in die *Schlaraffen* nie oor godsdiens gepraat word nie.⁶²

Deelname aan die *Schlaraffen* onder die Duitse immigrante was noemenswaardig. Vyf Duitse immigrant-respondente het aangedui dat hulle aan die *Scharaffen*

⁶⁰ WPA, Foto: G.L.V.H.K.W. Freiherr von Ketelhodt-fotoversameling, 2011.08.07.

⁶¹ Die *Schlaraffen* gebruik ou Duitse skryfvorme in hulle dokumente. Dit verskil dikwels met hedendaagse standaard Hoog Duits.

⁶² WPA, MO (4B), H.W. Rudolph,(75), Arcadia, Pretoria, 2014.05.30, (NF99, slegs notas).

behoort: J.W. Kallweit,⁶³ E.K.H. Friedland,⁶⁴ H. Burckhardt,⁶⁵ H.W. Rudolph⁶⁶ en L.V.H.K.W. Freiherr von Ketelhodt.⁶⁷

Evangelische Stadtmission im Südlichen Afrika (ESSA)

Tydens 'n kerkkamp oor Paasnaweek in 1959, gehou deur 'n Engelse Broedergemeente kerkgenootskap, het vier Duitse families besluit om in die Johannesburg-gebied hul eie Duitse Bybelstudie te begin. Hulle het eers vergader in die huis van Horst Dannenberg in Germiston en later in die huis van Rudolf en Inge Steinberg in Mondeor, Johannesburg.⁶⁸

In dieselfde jaar, in Oktober, het hierdie groepie Duitsers hul eie kerkkamp te Hartebeespoortdam gehou. Duitsers uit 'n verskeidenheid kerke het die kerkkamp bygewoon. Ook die nasate van sendelinge en mense wat tot bekering gekom het as gevolg van die landswye evangelisasiewerk wat deur Hermann Hambrock onder die Duitssprekendes gedoen is. Daar was ook nuwe Duitse immigrante en Duitse werkers wat deur Duitse firmas gestuur is om hier in hul filiale te werk. Gedurende die 1960's het baie jong Duitsers, Switsers en Oostenrykers na Suid-Afrika geïmmigreer.⁶⁹

In 1966 het Mareile Wortmann 'n brief aan die "Pilgermission, St. Chrischona" geskryf en gevra vir 'n sendeling om na Suid-Afrika gestuur te word. In antwoord hierop het Chrischona die eerste sendeling, Lothar Buchhorn, gestuur en so het die *Evangelische Stadtmission im Südlichen Afrika* (ESSA) in 1966 begin.⁷⁰ Buchhorn het vroeër uit Oos-Pruise gekom waar sy vader ook 'n Stadtmission prediker was. Die "Pilgermission, St. Chrischona" is in 1840 deur C.F. Spittler in Bettingen naby Basel in Switserland gestig. Sy kernboodskap was: "Wanneer ons daarvoor sorg dat die heidene Christene word, durf ons nie versuim en moet ons ook bedag wees, dat die Christene nie heidene word nie."⁷¹ Dit was dan ook die hoofrede waarom geestelike werkers na Suid-Afrika gestuur is om onder die Duitse immigrante te werk.

⁶³ WPA, MO (2B), J.W. Kallweit, (76), Johannesburg, 2011.01.01, (NF50, slegs nota).

⁶⁴ WPA, MO (4B), E.K.H. Friedland, (81), Lynnwood Manor, Pretoria, 2014.10.04, (NF81, CD: Z-13).

⁶⁵ WPA, MO (4B), H.L. Burckhardt, (76), Garsfontein, Pretoria, 2014.11.15, (NF84, CD: Z-9).

⁶⁶ WPA, MO (4B), H.W. Rudolph, (75), Arcadia, Pretoria, 2014.05.30, (NF99, slegs nota's).

⁶⁷ WPA, MO (1B), G.L.V.H.K.W. Freiherr von Ketelhodt, (83), Randburg, 2011.08.07, (NF7, CD: U-20).

⁶⁸ J. Trauernicht, *Leben unter dem Kreuz des Südens: Aufrüttelnde Erfahrungen in südlichen Afrika*, (Brunnen Verlag, Gießen, 2016), p. 327.

⁶⁹ J. Trauernicht, *Leben unter dem Kreuz des Südens: Aufrüttelnde Erfahrungen in südlichen Afrika*, (Brunnen Verlag, Gießen, 2016), p. 328.

⁷⁰ WPA, Anon., 40 Jahre – Evangelische Stadtmission im Südlichen Afrika, (Borsjüre) 2006, p. 6.

⁷¹ WPA, Anon., Chrischona Gemeindearbeit – Gemeindeordnung der Stadtmission in Südafrika und Namibia, (Brosjüre), 1999.09.24, p. 24

Johannes Trauernicht, met sy Switserse vrou, Heidi, was die tweede prediker wat Chrischona in 1970 na Johannesburg gestuur het. Trauernicht het 'n besondere gawe gehad om nuwe gemeentes van die grond af op te bou. Hy was verantwoordelik vir die stigting van die gemeentes in Johannesburg (1971), Kaapstad (1974), Pretoria (1983) en Swakopmund se Stadtmission. Die geskiedenis van die Stadtmission se ontwikkeling is grotendeels opgeteken in die biografie van Hannes Trauernicht, *Leben unter dem Kreuz des Südens: Aufrüttelnde Erfahrungen in südlichen Afrika*. Johannes Trauernicht het prominent in die transnasionale sosiale ruimtes van die Duitse immigrante in Suid-Afrika beweeg.⁷² Daar was volgens Trauernicht in die 1970's, 40 000 Duitssprekendes in Johannesburg. Die immigrante was lief vir *Freizeit* hou. Onmiddellik na Trauernicht se aankoms in Johannesburg is die eerste *Freizeit* by Piet Retief gehou. *Freizeit* het gewoonlik behels dat daar gekamp word met tente en woonwaens op 'n plaas, elders in die natuur of by kampeer-oorde, met gesamentlike maaltye en byeenkomste waartydens oor die Bybel gesprek gevoer is.⁷³

Die ontstaan van die Stadtmission gemeentes het plaasgevind met die volle kennis en instemming van die Lutherse kerk in Suid-Afrika. Volgens Martin Frische het die leier van Lutherse buitelandse beamptes in Duitsland, D.A. Wischmann, in 1970 bevestig dat hul pastore te veel werk gehad het in hul eie bestaande gemeentes in Suid-Afrika en daarom is hul seënwense uitgespreek oor die Stadtmission om die vloed van nuwe Duitse immigrante in Suid-Afrika te bearbei.⁷⁴

Johannesburg was gedurende hierdie tyd grootliks Engelssprekend en veelrassig. Trauernicht se opdrag was om Duitssprekende immigrante te vind en te evangeliseer. Hy het die telefoonboek deurgewerk en wanneer hy 'n Duitse naam gekry het, het hy die nommer gebel. Dan het hy 'n besoek gereël en hulle uitgenooi na die kerkdienste en vir *Kaffee und Kuchen*. Die koek was heerlike Duitse gebak, wat voorgesit is na die erediens – tot vandag toe nog 'n tradisie by alle Stadtmission gemeentes.⁷⁵

⁷² J. Trauernicht, *Leben unter dem Kreuz des Südens: Auf rüttelnde Erfahrung in südlichen Afrika*, (Brunnen Verlag, Gießen, 2006).

⁷³ J. Trauernicht, *Leben unter dem Kreuz des Südens: Auf rüttelnde Erfahrung in südlichen Afrika*, p. 46.

⁷⁴ M. Frische, [martin.frische@stadtmission.org.za], Frage, private epos aan H.W. Wehrmeyer, [hermann@fitzanne.co.za], 2012.04.24.

⁷⁵ J. Trauernicht, *Leben unter dem Kreuz des Südens: Auf rüttelnde Erfahrung in südlichen Afrika*, p. 48.



Figuur 34: Pretoria Stadtmission Wanderung/staptog – Visrivierkloof, Namibië, Junie 2014, die navorser is tweede van regs ⁷⁶

In die 1960's Johannes Trauernicht, die pastoor van die Stadtmission Johannesburg, was ook betrokke by die huweliksbevestiging tussen Lothar Buchhorn en Barbara⁷⁷ in Botswana waar Barbara se vader 'n mediese sendelingsdokter was. Barbara self was 'n verpleegster daar in die sendelingshospitaal.⁷⁸ Buchhorn het predikant van die Stadtmission in Vanderbijlpark geword en dit gebly tot met sy aftrede. Die gemeente het hoofsaaklik ontstaan as gevolg van die Yskorstaalaanleg in die dorp en die groot aantal Duitse immigrante wat hier kom werk het. Respondent Gerhard Albien was een van hierdie immigrante wat werk gevind het by Yskor.⁷⁹ So ook Julius Schingerling uit Oostenryk, wat as ingenieur in Vanderbijlpark gewerk het en sedert sy immigrasie in 1971 tot tans deel is van die gemeente.⁸⁰

Wieland Müller (46), gebore in 1969 in die Duitse Demokratiese Republiek (DDR), het van 1991-1995 aan die Teologiese Seminarium St. Chrischona gestudeer. Voordat hy na Suid-Afrika gekom het, was hy predikant in Butzbach. Vanaf 2002 tot 2011 was hy die jeugpastoor van die Stadtmission in Johannesburg, maar ook landswyd betrokke by al die gemeentes. Sy verantwoordelikheid was die van oorhoofse jeugwerker van die Stadtmission in Suidelike Afrika. Vanaf 21 Januarie

⁷⁶ WPA, Verhandelingfoto's: H.W. Wehrmeyer, Pretoria, 2012.04.30.

⁷⁷ Babara se nooiensvan is onbekend. Op die vraelys staan daar slegs, "T."

⁷⁸ J. Trauernicht, *Leben unter dem Kreuz des Südens: Auf rüttelnde Erfahrung in südlichen Afrika*, p. 47.

⁷⁹ WPA, MO (2B), G. Albien, (72), Vaalpark, Sasolburg, 2011.09.21, (NF37, CD: X-23).

⁸⁰ WPA, MO (5B), J. Schingerling, (65), Vanderbijlpark, 2015.07.05, (NF110, slegs notas).

2012 het Müller die nuwe inspekteur, oftewel leier van die Stadtmission-gemeentes van Duitsland geword. Hierdie dien as voorbeeld van die mate van invloed wat daar van Duitsland na Suid-Afrika gekom het. Na nege jaar se blootstelling aan die Suid-Afrikaanse omstandighede is Müller terug na Duitsland, waar hy 'n invloedryke posisie in die kerk se leierskorps beklee het en sy Suid-Afrikaanse ervaringe aan Duitsland oorgedra het.⁸¹

Godsdienste speel 'n kritieke rol in die konstruksie van 'n persoon se identiteit. Immigrante gebruik godsdienste om alternatiewe lojaliteite te skep asook plekke waar hulle aan mekaar kan behoort.⁸² Weens die andersheid van die Duitse immigrant se identiteit was dit vir hom moeilik om in die hoofstrome van die Suid-Afrikaanse samelewing van politieke lojaliteite, vaderlandsliefde en saamhorigheid te leef en het die Duitse Stadtmission 'n sosiale ruimte gebied waar hy 'n alternatiewe lojaliteit kon beleef.

Landsmannschaft Ost und West Preußen - Freunde des Deutschen Ostens

Siegfried Kittel vertel dat daar gedurende die 1960's-1970's 'n groep jongmanne was, die kinders van Oos- en Wes-Pruisiese Duitsers, wat Duitsland toe wou gaan vir 'n vakansie. Hulle het geld ingesamel, wat die ouer Duitse immigrante nie welgeval het nie, aangesien hulle dit as bedel beskou het. Kittel, wat in daardie stadium ongeveer tien jaar jonger was as die gemiddelde ouderdom van hierdie Oos- en Wes-Pruisiese jongmanne, het leiding geneem omdat dit vir hom duidelik was dat daar 'n behoefte onder die immigrante was om hul eie identiteit te behou. 'n Behoeftige aan samesyn en vir die jonger generasie om iets van hul herkoms te wete te kom, het hom 'n vereniging laat stig.⁸³

In 1978 het die Duitse immigrante van Wes- en Oos-Pruisiese afkoms gesamentlik besluit om die *Landsmannschaft Ost und West Preußen* te stig om 'n "huis" te word vir al die vlugtelingen/immigrante uit die oostelike gebiede. Kittel was die eerste sekretaris en nie lank daarna nie het hy die voorsitter geword. Aanvanklik was daar heelwat lede en hy het gemiddeld 140-150 uitnodigings op 'n slag uitgestuur vir 'n byeenkoms. Hulle het gereeld oor langnaweke kampe gehou by die Loskopdam en in die Magaliesberge by die *Good Shepherd* te Hartebeespoort. Daardie tyd was almal nog jonk, het gewerk en het geld beskikbaar gehad. Tydens byeenkomste het hulle gesels oor die *heimat*. Daar is gesing, veral die liedere wat hulle in die *Hitlerjugend* gesing het.⁸⁴ Die meeste van hulle was boere of het van 'n boere-agtergrond gekom. Pruisie het nie veel industrieë gehad nie en daarom was die

⁸¹ M. Gross, "Deutschland – Zur Einsetzung von Wieland Müller", in *Chrischona Panorama*, (12)1, 2012, p. 21.

⁸² P. Levitt, "'You know, Abraham, was really the first immigrant', Religion and Transnational Migration", in *International Perspectives*, 37(3), Fall 2003, p.8 48.

⁸³ WPA, MO (1B), H.S. Kittel, (85), Krugersdorp, 2012.11.07, (NF28, CD: V-21, 22).

⁸⁴ WPA, MO (1B), H.S. Kittel, (85), Krugersdorp, 2012.11.07, (NF28, CD: V-21, 22).

Pruise gehag aan hul grond en baie lief vir hul land.⁸⁵ Vir Kittel was die een hoogtepunt in sy lewe die oprigting van die monument op die terrein van die Nasionale Kunsmuseum in Pretoria in 2000. Op die monument is die volgende woorde aangebring:

In memory of the dispossession and expulsion from our native provinces in Germany and with thanks to South Africa who gave us a new home and future. 2001.⁸⁶

Die monument was 'n gebaar van dankbaarheid teenoor Suid-Afrika, omdat die land hulle verwelkom het en aan hulle 'n tuiste gebied het.⁸⁷



Figuur 35: Jaarlikse herdenking by die Duitse immigrante monument op die Kunsmuseumterrein te Pretoria, 2012, die spreker is dr. Leo Graf von Lüttichau⁸⁸

Kittel was die tweede voorsitter van die *Landsmannschaft Ost und West Preußen* en in 2002 is hy opgevolg deur Gerhard Freiherr von Ketelhodt. Met verloop van tyd het die getalle van die Pruiëse verminder en het die lede besluit om enige Duitser wat

⁸⁵ WPA, MO (1B), H.S. Kittel, (85), Krugersdorp, 2012.11.07, (NF28, CD: V-21, 22).

⁸⁶ WPA, Inligting op verhandelingsfoto: H.W. Wehrmeyer, Arcadia, Pretoria, 2012.04.30.

⁸⁷ WPA, MO (2B), H.S. Kittel, (85), Krugersdorp, 2012.11.07, (NF28, CD: V-21, 22).

⁸⁸ WPA, Verhandelingsfoto's: H.W. Wehrmeyer, Arcadia, Pretoria, 2012.04.30.

wou, toe te laat om lede te word. Hulle het ook die naam van die vereniging na die *Freunde des Deutschen Ostens* te verander. Die huidige voorsitter, dr. Leo Graf von Lüttichau, het in 2010 leierskap oorgeneem.⁸⁹

Die *Freunde des Deutschen Ostens* kom die afgelope vyf jaar vier keer per jaar bymekaar. In Maart kuier hulle een Sondag op die grasperke van *Frau Elke Stamm* von Baumgarten se gastehuis, Thabela, in Pretoria-Noord. In Julie kom hulle bymekaar in die St. Paulus-gemeente se kerksaal in Fairlands, Johannesburg. In Oktober hou hulle 'n kranslegging by die gedenksteen in Pretoria, met koffie en koek na afloop van die verrigtinge, by die Duitse ouetehuis, Defra in Groenkloof, Pretoria. Die laaste byeenkoms van die jaar is *Weihnachtsfeier*, Kersfees, vroeg in Desembermaand. Die jaar 2014 was die 38ste jaar wat die Duitse immigrante bymekaar gekom het.⁹⁰

Die voordragte van *Freunde des Deutsche Ostens*, oor hul geskiedenis, kultuur en literatuur neem die Duitse immigrant na sy plek van herkoms en vorm 'n transnasionale brug sodat hy homself nie totaal vreemd in sy nuwe tuiste vind nie. Kittel het gereeld literatuur oor die Oostelike gebiede, soos boeke en koerante beskikbaar gestel.⁹¹

Op Sondag 23 Maart 2014 het die *Freunde des Deutsche Ostens* se byeenkoms weer eens plaasgevind by die gastehuis van Elke Stamm von Baumgarten in Pretoria-Noord. Daar was ongeveer 35 persone - Heidi Hasekopf was die sekretaresse en Leo Graf von Lüttichau die voorsitter. Prof. E.W. Funcke het 'n lesing oor die Duitse skrywer Willem Busch gelewer. Hy is die skrywer van die kinderstories van Max en Moritz - stories wat die Duitse psige, denke en humor omskryf en feitlik onvertaalbaar is. Dit is amper iets soortgelyk aan die "Liewe Heksie-stories" van Verna Vels (1933-2014) wat in Afrikaans verskyn het.⁹²

Willem Busch het verskeie Duitse spreekwoorde geformuleer wat in die alledaagse Duitse spreektaal opgeneem is. Hier volg een van hulle:

Dumme Gedanken hat jeder, nur die Weise verschweigt sie.⁹³

Almal dink dom gedagtes, net die wyse bly stil oor sy dom gedagtes.

⁸⁹ WPA, MO (2B), L.W.T. Graf von Lüttichau, (77), Fairlands, Randburg, 2015.07.25, (NF49, slegs nota)

⁹⁰ WPA,; H.W. Wehrmeyer, Transnasionale organisasies werkboek, Dokument: H. Hasenkopf, Nuusbrief, Freunde des Deutschen Ostens, 2014.06.07 p. 93.


⁹¹ WPA, MO (2B), H.S. Kittel, (85), Krugersdorp, 2012.11.17, (NF28, V-21).

⁹² Anon., Liewe Heksie creator Verna Vels dies, *To Night*, 2014.08.22, (<http://www.iol.co.za/tonight/tv-radio/liewe-heksie-creator-verna-vels-dies-1.17394414>), 2015.09.01.

⁹³ WPA, H.W. Wehrmeyer, Transnasionale organisasies werkboek, Byeenkoms: Freunde des Deutschen Ostens, Pretoria-Noord, 2014.03.23 p. 92.



Figur 36: Preußische Allgemeine Zeitung ⁹⁴



Figur 37: 'n Gedeelte van 'n nuusbrieff van die Freunde des Deutschen Ostens ⁹⁵

⁹⁴ Preußische Allgemeine Zeitung, nr. 36, 2012.09.08, p. 1.

⁹⁵ WPA, H.W. Wehrmeyer, Transnasionale organisasies werkboek, Dokument: H. Hasenkopf, Nuusbrieff, Freunde des Deutschen Ostens, 2015.10.01, p. 96.



Figuur 38: Freunde des Deutschen Osten, Thabela Gastehuis, Pretoria-Noord, Maart 2011 ⁹⁶

Voor: Günter Krüger, Hermann Wehrmeyer, Hans Kübierske. Tweede ry: Paula Krüger, Gisela Meinck, Jeanette Brahmmer, Karin Weiss, Mariane Essmark, Karita Hündrieser, Hilde Pamowicz, Margarete Franke, Heidi Böhmer. Agterste ry: Arnold Figüla, Walli Paula Salig, Alfred Brahmmer, Walter Hasenkopf, Heidi Hasenkopf, Maria Werle, Leo von Lüttichaü, Elke Stamme von Bäumgarten, Hans Werle, Rolf Böhmer, Ingeborg Kastenberger, Michael Ainley, Erhard Tibursky.

Volkstanz, volkspele, musiek en die Duitse mannekoor

Die Duitsers se kulturele invloed op Afrikaners is so oud soos die Afrikaners self. Deur middel van konstante en voortgesette kontak tussen Duitsland en die Afrikaners en nuwe tegnologiese uitvindings soos die radio, met Radio Zeesen-uitsendings deur Eric Holm gedurende die oorlog, is hierdie invloed versterk. Na die oorlog is die invloed voortgesit deur die Duitse immigrante en kontak met Duitsland. 'n Sleutelpersoon in hierdie ketting was Ursula Brenner van Heilbronn in Duitsland. Sy het in 1967 vir die eerste keer saam met 'n Duitse Volksdansgroep na Suid-Afrika gekom en agtergebly vir 'n tyd, hier gewerk en Afrikaans geleer praat binne nege maande, waarna sy terug is na Duitsland. In 1969 het 'n Suid-Afrikaanse toergroep van ongeveer 100 volkspelers Duitsland besoek en het sy saam met hulle vir twee maande deur die land gereis. Sy is tans steeds verantwoordelik vir die wedersydse besoeke van volksdansgroepe aan Suid-Afrika en Duitsland. In 2014 het sy weer so

⁹⁶ WPA, Verhandelingfoto's: H.W. Wehrmeyer, Pretoria-Noord, 2011.03.01.

'n groep na Suid-Afrika begelei, vir die 100-jarige feesvieringe ter herdenking aan die stigting van Volkspele in Suid-Afrika. Ursula Brenner vertel dat daar destyds baie Duitse gemeenskappe in Suid-Afrika was en dat meeste van hulle verdwyn het aan die einde van die twintigste eeu. Volgens Ursula het die koms van televisie na Suid-Afrika in 1976 'n invloed op die *Deutsche Volkstanz*-groepe gehad en is die byeenkomste nie meer so gereeld bygewoon nie.⁹⁷



Figuur 39: Ursula Brenner in die middel met Patrys en Elfrieda, twee Suid-Afrikaanse Volkspelers in Duitse volksdrag⁹⁸

As voorbeelde van kulturele oordrag kan drie Duitse Volksliedere, wat gesing is deur 'n Duitse Volksdansgroep uit Duitsland op 12 Oktober 2014, dien. Hierdie Duitse volksdansgroep het onder leiding van *Frau* Ursula Brenner van Heilbronn, tydens die feesvieringe van die Suid-Afrikaanse Volkspele se 100-jarige herdenking te Bobbiespark in Bloemfontein, dié drie Duitse liedere gesing en ook die Afrikaanse ekwivalente daarvan. Die liedere was eerstens, *O du lieber Augustin*, in Afrikaans "O, die lewe Marta'jie", tweedens, *Lustig ist das Zigeunerleben*, in Afrikaans "Heerlik is die trekkerslewe"⁹⁹ en derdens, *Du, du liegst mir im Herzen*, in Afrikaans "Liefdesliedjie".¹⁰⁰

⁹⁷ WPA, MO (1B), U. Brenner, (72), Pretoria, 2012.09.01, (NF23, CD: V-13).

⁹⁸ WPA, Verhandelingfoto's: H.W. Wehrmeyer, Gezina, 2014.06.30.

⁹⁹ C. van Heerden & M. Casleggio (eds.), *Ons Volkspele-erfenis*, (Nasionale Boekdrukkery, Goodwood, Kaap, 1989), p. 210.

¹⁰⁰ C. van Heerden & M. Casleggio (eds.), *Ons Volkspele-erfenis*, p. 150.

Hier volg, *O du lieber Augustin*:

Oh, du lieber Augustin, Augustin, Augustin, oh, du lieber Augustin, Geld
ist hin, Mäd'l hin, alles hin, oh, du lieber Augustin, alles ist hin.

O jy die liewe Augustin, Augustin, Augustin, o jy die liewe Augustin, geld
is weg, meisie is weg, alles is weg, o jy die liewe Augustin, alles is weg.

Die Afrikaanse variant van bogenoemde lied, "O, die liewe Marta'tjie",¹⁰¹ se woorde is
deur B.A. de Wet geskryf:

O, die liewe Marta'tjie, Marta'tjie, Marta'tjie, O, die kleine vabondjie het
my laat staan. Geld is weg, als is weg, alles is weg, O, die kleine
vabondjie, wat nou gedaan?

In die Volkspele Sangbundel van 1989, *Ons Volkspele-erfenis* boek, is daar 13
Afrikaanse liedere wat deur Duitse of Oostenrykse volkswysies of woorde
geïnspireer is.¹⁰² Ursula Brenner was 'n transnasionale brug tussen Suid-Afrika en
Duitsland. Alhoewel sy haar hele lewe lank in Duitsland gewoon en gewerk het, het
sy nooit verleer om Afrikaans te praat nie en kon die navorser in 2014 nog haar
goeie Afrikaans bewonder. Sy het gedurende die tweede helfte van die twintigste
eeu gereeld Duitse volksdansgroepe na Suid-Afrika gelei en ook Suid-Afrikaanse
volkspelegroepe in Duitsland ontvang.¹⁰³

Duitsers is lief vir musiek en sing, veral tydens Kersfees. Kerstyd is vir Duitsers 'n
besondere tyd en groot moeite word in die familie gedoen. 'n Program word opgestel,
gedigte word opgesê en Kersliedere word gesing, soos in die families Meyberg¹⁰⁴ en
Herrmann.¹⁰⁵ Dit is in baie Duitse families die gebruik dat elke kind ten minste een
musiekinstrument moet leer speel. Die Gieslers was ook so 'n singende en musikale
familie, waar almal 'n musiekinstrument kon bespeel en die familie het gereeld
opgetree as 'n familiekoor.¹⁰⁶

¹⁰¹ C. van Heerden & M. Casleggio (eds.), *Ons Volkspele-erfenis*, p. 242. Oostenrykse
volkswysie, woorde B.A. de Wet.

¹⁰² C. van Heerden & M. Casleggio (eds.), *Ons Volkspele-erfenis*, Afrikaanse Volksang- en
Volkspele beweging, pp. 1-344.

¹⁰³ WPA, MO (1B), U. Brenner, (72), Pretoria, 2012.09.01, (NF23, CD: V-13).

¹⁰⁴ H. Meyberg, *Lebenserinnerungen, Gedanken und Worte*, (s.n., Pretoria, 2012), p. 18.

¹⁰⁵ WPA, MO (1B), J. Herrmann, Garsfontein, Pretoria, 2011.09.11, (NF06, CD: V-19).

¹⁰⁶ WPA, H.W. Wehrmeyer, My herinneringe en aantekeninge oor die verlede en hede, p. 40.



Figuur 40: Die Duitse immigrant-familie, Giesler, Worcester, 1979 ¹⁰⁷

Die Duitse mannekoor van Pretoria was 'n integrale deel van die Duitse samelewing gedurende die laaste helfte van die twintigste eeu. Hierdie koor het tydens die reünie van die 1948 Duitse Kinderwesies, te Fonteinedal in Pretoria in 1963, opgetree.¹⁰⁸ Die voormalige Duitse minister van Binnelandse Sake, van Sleeswyk-Holstein, Wilhelm Käber, was ook by hierdie geleentheid teenwoordig. Hy het gehelp met die emigrasie van die Duitse wesies in 1948. Lothar Neethling, een van die Duitse wesies van 1948, het sy toespraak in Afrikaans begin en later oorgeslaan na Duits, ter wille van al die Duitse gaste, en sy dankbaarheid so betoon teenoor almal wat na hulle omgesien het en in Suid-Afrika vir hulle 'n toekoms gegee het.¹⁰⁹ Volker Mengelberg was die leier van die Duitse Mannekoor tot met die ontbinding van die koor. Alle dokumentasie en musiek van die Duitse mannekoor word tans in die Hesse-argief van die Universiteit van Suid-Afrika gehuisves.¹¹⁰

Die Duitse skool in Pretoria bied jaarliks die *Oktoberfest* aan. Dit dien nie net as 'n fondsinsamelingsprojek vir die skool nie, maar dra iets van die Duitse kultuur oor aan die gemeenskap van Pretoria. 'n Duitse Ohmpa orkes word uit Duitsland genooi, wat Duitse *Oktoberfest*-musiek in Duitse tradisionele drag opvoer. Duitse bier vloei en eisbein, sauerkraut en kapokaartappels is te koop. Saam met die Duitse musiek word Suid-Afrikaanse en internasionale populêre musiek gemaak en tradisionele Suid-Afrikaanse geregte soos boereworsrolletjies en pannekoek word ook verkoop.

¹⁰⁷ WPA, Verhandelingfoto's: H.W. Wehrmeyer, Kroonstad, 1979.04.30.

¹⁰⁸ A. Jordaan, Lothar Neethling: *'n Lewe vertel*, p. 44.

¹⁰⁹ A. Jordaan, Lothar Neethling: *'n Lewe vertel*, p. 21.

¹¹⁰ WPA, MO (1B), V. Mengelberg, (85), Valhalla, Pretoria, 2011.08.16, (NF19, CD: V-3,4).

Dit is as't ware een fees met Duitse en Suid-Afrikaanse kulture vervleg inmekaar - 'n werklike transnasionale ervaring vir die gaste.¹¹¹

Duitse adel en familieverband-groepe

Duitsland het amptelik 'n republiek en 'n demokrasie geword na 1918. Met die abdikerings en afskaffing van die Duitse keiserlike/koninklike stelsel na die Eerste Wêreldoorlog het die adellikes "onsigbaar" geword vir die buitestander. Reeds met Nasionaal-Sosialisme se *Gleichschaltung*, het die proses van die gelykstelling van burgerlikes en die adel in die Duitse samelewing begin plaasvind. Nadat die keiser geabdikeer het en self in ballingskap in Nederland gaan woon het, is die adel toegelaat om hul titels te behou. Die titels is as tweede name op persoonlike registrasiedokumente ingevul.¹¹² Die doel van hierdie studie is nie om die adel van Duitsland te ondersoek nie. Sekere waarnemings en aanduidings in gesprekke met twee respondente van adellike afkoms en ander respondente, dui daarop dat daar wél nog adel in Duitsland bestaan, maar watter spesifieke rol hulle speel, is nie duidelik nie. Dit kan dien as 'n moontlike onderwerp vir verdere studie.

Die Graaf Von Bentheim het in 2012 nog in sy kasteel in Bad Bentheim, naby die Nederlandse grens, gewoon. Sy kasteel was gedeeltelik toeganklik vir die publiek teen 'n fooi. Die grondgebied van die graafskap behoort aan die Graaf en gewone mense kan nie die grond besit nie. Hulle kry bloot huurpag op die grond vir 99 jaar en bou 'n eie huis daarop. 'n Bedrag soos belasting word maandeliks aan die graaf betaal en hy administreer die grondgebied namens sy onderdane. Ook in Burgsteinfort en Detmoldt in Nordrhein-Westfalen het Wolfgang Wehrmeyer se familie in 1995 daarop gewys dat dié grond nog aan die Duitse adel behoort.¹¹³

Die Duitse adel het ekwivalente, gelykstaande aan die Britse adel, naamlik: *Sir-Von*, *Baron-Freiherr*, *Count-Graf*, *Duke-Fürst*, *Prince-Prinz*, *King-König/Kaiser*.¹¹⁴

Op 'n vraag aan Leo Graf von Lüttichau of die adel nog enige rol speel in die Duitse samelewing, het hy beslis "ja" geantwoord. Von Lüttichau glo om deel van die adel te wees, bring 'n plig mee vir die persoon, afhangende van watter bepaalde familie hy afkomstig is. As jy die naam Graf von Lüttichau dra, moet jy waardig leef, só dat jy eer bring aan die familie. Almal wat die van Von Lüttichau het, behoort aan 'n familieverband, 'n familie-organisasie. As iemand hom nie waardig gedra nie, sal die familiehoofde vergader en 'n interne verhoor hou. As so 'n persoon skuldig bevind word en nie regstellingsaksies wil volg nie, sal die persoon uit die familieverband

¹¹¹ WPA, H.W. Wehrmeyer, My herinneringe en aantekeninge oor die verlede en hede, p. 35.

¹¹² WPA, MO (2B), L.W.T. Von Lüttichau, (75), Groenkloof, Pretoria, 2013.01.12, (NF49, CD: X-2).

¹¹³ WPA, H.W. Wehrmeyer, My herinneringe en aantekeninge oor die verlede en hede, p. 32.

¹¹⁴ WPA, MO (2B), L.W.T. Von Lüttichau, (75), Groenkloof, Pretoria, 2013.01.12, (NF49, CD: X-2).

verban word.¹¹⁵ Gerhard Freiherr (Baron) Von Ketelholt was merkbaar trots en terselfdertyd beskeie oor sy adellike herkoms en het vir die navorser 'n boek gewys oor die Von Ketelholts van oor die hele wêreld, waarin ook sy en sy kinders en hul kinders se geskiedenis in Suid-Afrika opgeteken is.¹¹⁶

Soos reeds genoem, bestaan die adel steeds in Duitsland, maar hulle het geen verpligting meer teenoor 'n koning nie. Vroeër moes hulle tiendes gee aan die koning, 'n vorm van staatsbelasting. In Pruise was daar die Junker-adel en volgens tradisie het die oudste seun die landgoed, "Gut", geërf. Die tweede seun moes in die weermag van die koning diens doen en hulle het gewoonlik die offisiërskorps uitgemaak. Die derde seun het predikant geword. So was die orde vir 'n adellike familie gewoonlik uiteengesit. Op 'n vraag wat dit sou beteken om aan so 'n adellike familieverband te behoort, het Gerhard von Ketelholt geantwoord: "*Adel verpflichten!*" Wanneer mens deel van die adel is, het mens 'n verantwoordelikheid om jou soos 'n adellike te gedra. Jy moet hard werk en studeer, omdat jy op 'n verantwoordelike en regverdige wyse moet leiding gee.¹¹⁷

Nadat Kittel die leierskap van die *Freunde des Deutschen Ostens* weens gesondheid moes opgee, het Freiherr von Ketelholt die leierskap oorgeneem. Later, toe Von Ketelholt weens familie-omstandighede nie kon voortgaan met die leierskap nie, het Graf von Lüttichau by hóm die voorsitterskap van die vereniging oorgeneem. Alhoewel die lede demokraties stem oor die voorsitterskap en wie wat moet doen, is daar, so blyk dit, 'n algemene gevoel dat die adel hul posisie as leiers goed gestand doen en dat daar tevredenheid is. Graf von Lüttichau sal ook waarskynlik die leierskap behou tot hy fisies nie meer in staat is nie.

Die Duitse adellike families stig dikwels familieverbande, wat funksioneer soos 'n vereniging, waaraan persone met dieselfde van behoort. Die doel van hierdie verenigings is om die stamboomrekords van die familie op datum te hou, navorsing oor die familie te doen, die geskiedenis van die familie op te skryf en familiedae te reël.

Die familieverband van die Ketelholts is in 1904, in die stad Rudolstadt, waar die Ketelholts oorspronklik vandaan kom, gestig. Die familie het hul oorsprong in die 1200's.¹¹⁸ 'n Kort beskrywing van Gerhard Freiherr von Ketelholt se lewe dui op sy adellike agtergrond. Gerhard Lüdke Vollmar Hans Karl Waldemar Freiherr (Baron) von Ketelholt is gebore in 1928 in Sosnow, Wes-Pruise, en het in Potsdam skoolgegaan. Baie van die Pruisiese adellike kinders het op Potsdam skoolgegaan. In 1944, op die ouderdom van 15, moes Gerhard nog diens doen in die *Reichs Arbeitsdienst*. Terwyl hy op verlof was in Sosnow, moes hy, sy moeder en ander

¹¹⁵ WPA, MO (2B), L.W.T. Von Lüttichau, (75), Groenkloof, Pretoria, 2013.01.12, (NF49, CD: X-2).

¹¹⁶ WPA, MO (1B), G.L.V.H.K.W. Von Ketelholt, (83), Randburg, 2011.08.07, (NF07, CD: U-20).

¹¹⁷ WPA, MO (2B), L.W.T. Von Lüttichau, (75), Groenkloof, Pretoria, 2013.01.12, (NF49, CD: X-2).

¹¹⁸ G.L.V.H.K.W. Freiherr von Ketelholt, *Von Westpreußen nach Südafrika*, (Ongepubliseerde memoires, Randburg, 2003), p. 168.

familieledede met 'n perdewa in die ysige sneeu en wind voor die Russiese magte vlug na Mecklenburg. In 1955, omdat daar geen moontlikhede in Duitsland vir hom was nie, het hy besluit om na Suid-Afrika te immigrer en het hy hier sy vrou, ook 'n Duitse immigrant, ontmoet. Hy het eers op 'n plaas en toe as skofbaas by die Crown Myn in Johannesburg gewerk. Na 'n ernstige ongeluk op die myn, het hy vir 20 jaar as administrateur by die Duitse skool in Johannesburg gewerk. By die skool het hy, weens sy liefde vir sport sedert sy jeug daarby betrokke geraak. Hy het die basketbalspan en die gimnastiekspan op toere begelei, ook na Duitsland. Sy vier seuns het hy volgens Duitse tradisie grootgemaak. Hy het hulle nie net in die Duitse taal en onderhewig aan die Duitse opvoedingstelsel grootgemaak nie, maar ook vertrouwd gemaak met sy voorvaders se familietradisies.¹¹⁹ In 1982 het hy die eerste keer sy ou *heimat* in Sosnow, saam met sy broer, Vredeber von Ketelhodt, besoek. By dié geleentheid het hulle nog 'n Poolse familie, wat vir die Von Ketelhodts gewerk het, ontmoet, en verhale gehoor van wat alles gebeur het toe die Russiese soldate in Sosnow opgedaag het. Vroue en meisies is verkrag en Duitsers is voor die voet doodgeskiet.¹²⁰

Gerhard von Ketelhodt het, waar moontlik, altyd die Von Ketelhodt-familiedae in Duitsland saam met sy familie bygewoon. So was hy ook by die Von Ketelhodt-familiedag wat op 10 September 1995 te Rudolstadt gehou is - die eerste na die hereniging van Duitsland. Tydens dié geleentheid het 10 van die Von Ketelhodts ook hul verlore ou landgoed te Sosnow, nou deel van Pole, besoek.¹²¹

Op die 13de Von Ketelhodt-dag in 2000 in Mecklenburg, waar daar 42 familieledede was, is daar besluit om 'n buitengewone Von Ketelhodt-familiedag in Suid-Afrika te hou. In 2003 is hierdie familiedag in Suid-Afrika gevier saam met Gerhard von Ketelhodt se 75ste verjaarsdag. Vyf-en-dertig Von Ketelhodts was teenwoordig, die helfte van hulle uit Duitsland, en dit het gelei tot hegte wedersydse familiebande.¹²² Dr. Leo Graf von Lüttichau behoort ook aan 'n familieverband in Duitsland. Hy vertel dat een van die Von Lüttichau-mans 'n meisie swanger gemaak het en dat hy nie sy verantwoordelikhede teenoor die meisie en haar ouers wou nakom nie. Hy is voor die ouderlinge van die verband gedaag en sy saak is aangehoor. Hy wou steeds nie sy verantwoordelikhede teenoor die meisie en die kind nakom nie en is toe uit die familie verban. Jare later het hy berou gehad, sy saak reggestel en is weer tot die familieverband toegelaat.¹²³

Gerhard Freiherr von Ketelhodt en Leo Graf von Lüttichau was die enigste twee respondente van adellike herkoms met wie die navorser kon onderhoude voer. Oor ander Duitse adellikes in Suid-Afrika is nie veel bekend nie. Duitse adellikes se doen

¹¹⁹ WPA, MO (1B), G.L.V.H.K.W. Freiherr von Ketelhodt, (83), Randburg, 2011.08.07, (NF7, CD: U-20).

¹²⁰ G.L.V.H.K.W. Freiherr von Ketelhodt, *Von Westpreußen nach Südafrika*, p. 158.

¹²¹ G.L.V.H.K.W. Freiherr von Ketelhodt, *Von Westpreußen nach Südafrika*, pp. 180-181.

¹²² WPA, MO (1B), G.L.V.H.K.W. Freiherr von Ketelhodt, (83), Randburg, 2011.08.07, (NF7, CD: U-20).

¹²³ WPA, MO (2B), L.W.T. Graf von Lüttichau, (75), Groenkloof, Pretoria, 2013.01.12, (NF49, X-2).

en late word nie aan die groot klok gehang nie. Hulle doen stil-stil in die agtergrond hul deel en smelt saam met die res van die burgerlike Duitsers. Interessant is dat twee van die voorsitters van die *Freunde des Deutschen Ostens* van adellike afkoms was en op 'n natuurlike wyse hul leierskapsverantwoordelikhede in die vereniging nagekom het. Generaal-majoor Frederick Wilhelm von Mellenthin, wat gedurende die oorlog Generaal Rommel se adjudant in Noord-Afrika was, was ook van Pruisiese adellike afkoms. Hy het die Trek-lugredery gestig wat later met die Duitse lugredery, Lufthansa, saamgesmelt het. F.W. Von Mellenthin het toe die hoof van Lufthansa, Suid-Afrika, geword.¹²⁴

Die Duitse adel vorm 'n transnasionale sosiale netwerkstelsel waar hulle met mekaar in verbinding is, besigheidskontakte en sosiale kapitaal met mekaar kan deel en so mekaar kan ondersteun in hul doelwitte.

Transnasionale ruimtes – 'n Empiriese analise en 'n kwantitatiewe ondersoek

Taal- en huiskultuur - kulturele eienskappe

Meertaligheid neig om nasionalistiese skeidings te oorskry en sodoende verantwoordelik te wees vir die fundamentele vorming van transnasionale sosiale strukture.¹²⁵

Die kultuur in die huis sluit dig aan by die taal van die huis. 'n Analise van die huislike kultuur van 75 respondente het aangedui dat 79% se kultuur Duits gebly het, 9% was Afrikaans, die volgende kombinasies Duits/Afrikaans, Afrikaans/Engels, Duits/Engels/Afrikaans was elk 3% en 1% was Duits/Engels.¹²⁶

Volgens bogenoemde statistieke van die eerste geslag Duitse immigrante (met die betekenis hier van eerste, tweede en derde generasie Duitsers), het 'n hoë presentasie van 79% in die eerste geslag Duits gebly en 21% het vermeng. Die tweede en derde geslagte van hierdie Duitse immigrante is nie spesifiek geanaliseer nie en 'n verdere ondersoek en studie sal meer lig op die onderwerp kan werp. Die redes vir die hoë presentasie Duitse immigrante wat Duits gebly het, kan waarskynlik gesoek word in die Apartheidsideologie, wat 'n klem geplaas het op etnisiteit en die beskikbaarheid van histories-gegronde Duitse enklawes - dit is Duits gekonsentreerde gemeenskappe, met eie kerke en skole, wat gelei het tot die behoud van 'n voorgesette sigbare Duitse identiteit.

¹²⁴ F.W. Von Mellenthin, *Panzer Battles*, (Futura Publications Limited, London, 1979).

¹²⁵ M. Tilse, *Transnasionaalisme in die Pruisiese Oos: Van Nasionale konflik tot sintese, 1871-1914*, p. 69.

¹²⁶ WPA, H.W. Wehrmeyer, *Statistiese analises werkboek*, p.42.

Daar het wel in ten minste 21% van die immigrant-geledere Duitse, Afrikaanse, Engelse en ander vermenging plaasgevind. Deur saam te leef en deur die uitruil van karaktereenskappe, het sommige Duitse immigrante meer en meer hul kenmerkende eienskappe verloor.¹²⁷

Die vraag is: in watter opsig het die Duitse identiteit in die huishouding van die Duitse immigrante behoue gebly? In 1979, twee jaar na hul immigrasie, het Klaus Vaqué se vrou, Sabine se moeder, hulle in Suid-Afrika kom besoek vir vier maande en so saam met die familie Kersfees in hoogsomer gevier. Sy was verbaas oor hoe mooi en besonders 'n Kersfees in 'n warm Suid-Afrika kon wees. Op Heilige-aand, soos Duitsers die aand voor Kersdag noem, gaan almal gewoonlik na 'n Duitse Kerkdiens. Die dames dra gemaklike somersklere en die meeste mans gaan met 'n hemp en das. Kersliedere word in Duits gesing en in plaas van 'n Denneboom word 'n Sederboom opgemaak soos 'n kersboom. Tuis, na 'n tafelgebed, word aartappels, *Sauerkraut*, *Leberkäse* en *Würstchen* bedien en vir die uitdeel van geskenke het hulle byeen gekom in die woonkamer. Wat die vier van Kersdag self betref, het hulle vinnig die Suid-Afrikaanse manier aangeleer, naamlik 'n vleisbraai. Dit het die huisvrou die baie moeite gespaar van die voorbereiding van 'n groot Duitse maaltyd. Die hele familie kon die Kersdiens vroeg in die oggend bywoon en daarna het almal in die tuin van die familietuiste saam gebraai en gekuier.¹²⁸

Die Duitser se eetgewoontes is vir hom baie belangrik. Tydens 'n mannekamp vir die Stadtmission Pretoria by die kampterein Mountain Sanctuary in Mei 2015, wou Pastoor Martin Stobwasser nie stywe mieliepap eet nie, en het hy liever aartappels gekook. Die res van die groep Duitsers wat vir langer as een generasie in Suid-Afrika was en die Afrikaners het die mieliepap en sous, gemaak van tamaties en uie geniet. Op funksies waar geëet word by die Stadtmission, soos die *Männerfrühstück* manne-ontbyt, word hoofsaaklik 'n verskeidenheid *brötchen*, broodjies, koue vleise en kase bedien, met die klem op verskeidenheid. Hierdie gebruik is herhaal met *Weihnachtfrühstück* (Kersfeesontbyt, gewoonlik vier of vyf Sondae voor Kersfees) en *Osten* (Paasfeesontbyt). Met gemeente-etes, wat twee of drie keer per jaar op 'n Sondag gehou word, verskaf die gemeente altyd *Bockwurst* en *Brötchen*. Klaus Vaqué het met sy aankoms gesukkel om aan te pas by die tradisionele Suid-Afrikaanse ontbyt van boerewors en pap, of spek en eiers.¹²⁹ Koffie is vir die Duitsers uiters belangrik. Nie die populêre Suid-Afrikaanse sigoreisoorte nie, maar egte koffie. Na hoofmaaltye word koffie en tee, veral Rooibostee, gedrink. Tydens my reis in Duitsland in 2012 kon ek ook oral in Duitsland Rooibostee in supermarkte koop. Amarulalikeur is ook gewild in Duitsland. Koffie word saam met koek geniet - egte Duitse koeke en terte, byvoorbeeld appelstrudel. Roomys en vrugteslaai word nie by 'n *Freunde des Deutsche Ostens* ete bedien nie, maar slegs koffie, koeke en

¹²⁷ M. Tilse, *Transnasionaalisme in die Pruisiese Oos: Van Nasionale konflik tot sintese, 1871-1914*, pp. 70-71.

¹²⁸ K.D. Vaqué, *An der hand Gottes... Von Pommern nach Südafrika*, (Varama Publishers, Pretoria, 2004), p. 146.

¹²⁹ K.D. Vaqué, *An der hand Gottes... Von Pommern nach Südafrika*, p. 120.

terte. In 'n gedig van 'n Duitse immigrant bekla hy sy lot oor die Suid-Afrikaanse kos en hoe hy Duitse kos mis.

“Die brood verkrummel te maklik.

Ook die botter is geneig om te hard te word as die weer koud is.

En die boerewors maak mens vet.

Die varkveis is ook te vet.

As mens tog maar net Duitse kos kon kry.

Die koffie is geen egte koffie nie.

En selfs die tee smaak net nie reg nie.”¹³⁰

Die Duitse immigrant kla oor die duur prys van aartappels, want dit is vir hom sy stapelvoedsel, en nie mieliepap soos vir die Suid-Afrikaners nie. Kerrie en rys is vir hom vreemd en hy hou nie daarvan nie. Ook die kaas wat te kry is, is nie reg nie. Die kase van Duitsland is lekkerder en veel meer eksoties.

Die artefakte of voorwerpe in die huise van Duitse immigrante speel nog steeds 'n belangrike rol in hul transnasionale Duitse identiteit. Die hoeveelheid artefakte wat die immigrante met hulle saamgebring het, was beperk omdat baie van hulle vlugteling was wat uit die *Dritte Reich*, Duitsland, se oostelike gebiede gekom het en hulle kon nie baie met hulle saambring nie. 'n Paar foto's, briewe of 'n klein aandenking, soos 'n leerbeursie, was dikwels al voorwerpe met sentimentele waarde wat hulle gehad het. Ander het alles verloor in die lugaanvalle op Duitsland se stede. Horst Meyberg vertel in sy memoires dat daar in die nag van 12 Desember 1944 direk op hulle vierverdiepinghuis in Osnabrück 'n lugmyn trosbom geval het wat die huis platgevee het. Osnabrück is gedurende die oorlog in lugaanvalle met die volgende soorte bomme ook gebombardeer: 30 “Luftminen”-bomme, 824 “Spreng”-bomme, 48 000 “Stabbrand”-bomme, 6817 “Phosphorbrand”-bomme en 183 “Phosphorkansiter”-bomme. Dié groot stad was 'n totale ruïne. Die Meybergs, 'n familie met 13 kinders, se besittings wat oor 'n tydperk van 30 jaar versamel is, was in fyn stukkies verpletter of net weg.¹³¹ Dit was die lot van baie Duitse stedelinge.

Gerhard Freiherr von Ketelhodt se aftreehuisie te Randburg het getuig van die Duitse identiteit. In die sonkamer, die kuiierplek, het 'n twee by twee meter kaart van die ou Duitsland, met die naam *Das Alte Preussen*, teen die muur gehang. In die eetkamer was daar 'n ou familiewapen, met die naam Eduard Freiherr von Ketelhodt, gedateer 25 Junie 1867, teen die muur. Daar was ook 'n groot plakkaat van die familie-stamboom, getiteld *Nachkommen der Frhr. v. Ketelhodt'schen Familie aus*

¹³⁰ D.R. Osterhoff, *Memoiren*, (s.n., Pretoria, 2010), pp. 90-92.

¹³¹ H. Meyberg, *Lebenserinnerungen, Gedanken und Worte*, pp. 18-20.

Sossnow, met foto's van elke persoon. Gerhard von Ketelhodt het die navorsers trots 'n pragtige ou kuis met houtsneepanele gewys, met die datum 13 September 1896 op die een paneel.



Figuur 41: Harald Krahnmann en Gerhardt Freiherr von Ketelhodt, agtergrond, kaart “Das alte Preussen”¹³²



Figuur 42: Die kaart “Das alte Preussen”¹³³

¹³²

WPA, Verhandlingsfoto's: H.W. Wehrmeyer, Randburg, 2011.08.07.



Figuur 43: Familiewapen van die von Ketelhodt's, voorbeeld van 'n artefakt¹³⁴

Artefakte word belangrik wanneer die identiteit van 'n etniese groep mense bedreig word, die gevaar loop om te vervaag of om deur kulturele uitwissing vernietig te word. Kuns en die ontwerp van voorwerpe eie aan daardie kultuur is om van visuele retoriek gebruik te maak om 'n gevoel van samehörigheid, geluk en tevredenheid in 'n gemeenskap te vestig. Narratief word bykomend gebruik om die boodskap van 'n eie etnisiteit oor te dra. 'n Gemeenskap word gevorm tussen individue deur die voorwerpe wat hulle besit en waardeur hul kommunikeer. Hierdie voorwerpe word fokuspunte van gemeenskaplike herinneringe en narratief, en herbevestig die gemeenskaplike doel binne die gemeenskap. Dit plant 'n verlange en 'n oneindige begeerte om voort te bou op die karaktereenskappe en om voort te gaan met die tradisies en die lewensdoelwitte van die voorvaders. Die voorwerpe gee 'n

¹³³ WPA, Verhandlingsfoto's: H.W. Wehrmeyer, Randburg, 2011.08.07.

¹³⁴ WPA, Verhandlingsfoto's: H.W. Wehrmeyer, Randburg, 2011.08.07.

aanduiding van die weg in die toekoms, omdat dit die verlede in die hede vergestalt.¹³⁵

Verskeie respondente het net 'n paar ou foto's of ou briewe gehad wat hulle met hulle kon saambring, soos Gisela Kahler¹³⁶ en Lothar Buchhorn.¹³⁷ Op 'n foto van Buchhorn as drie-jarige in 1943, saam met sy ouers in Oos-Pruise, pryk sy vader in weermaguniform. Werner Schleich besit ook nog trots sy moeder se moedersmedalje van 16 Desember 1938, wat sy van die Nasionaal-Sosialistiese Party ontvang het omdat sy as 'n goeie moeder, met baie kinders, beskou is. Hy het ook nog die universiteitshoedjie van sy vader en 'n groot ou sleutel. Hierdie sleutel het sy eie storie: tydens 'n besoek aan Oos-Duitsland is hy terug na die huis waar hy grootgeword het. Die buitetoilet het 'n groot sleutel gehad, wat hom as kind groot moeite gegee het om te draai wanneer hy die toiletdeur wou sluit. Tydens die besoek het hy gaan kyk of die toilet en sleutel nog daar was en waarlik, alles was nog net so! Hy het die sleutel gegaps!¹³⁸

Die kunswerke van Elly Holm, met haar sterk onderskeibare Duitse identiteit, versier steeds menige Duitse immigrante se huise, ook die van die Volksduitsers en Duitse instellings, soos kerke en skole.¹³⁹



Figuur 44: Elly Holm se muurkuns beeld, die draak¹⁴⁰


¹³⁵ H. Dedekind, Design as a stabilising force: An exploration of the visual rhetoric of object in a South African German community with reference to narrative and cultural identity, (MA, University of Pretoria, Pretoria, 2012), p. 81.

¹³⁶ WPA MO (2B), G. Kahler, gebore von Hennenberg, (87), Garsfontein, Pretoria, 2012.10.18, (NF26, CD: V-18).

¹³⁷ WPA MO (1B), L. Buchhorn, (71), Vanderbijlpark, 2011.08.11, (NF18, CD: V-2).

¹³⁸ WPA MO (3B), W.H. Schleich, (79), Fairlands, Randburg, 2014.01.11, (NF67, CD: Y-24).

¹³⁹ K.M. Skawran, Herinneringe aan Elly Holm: vrou en kunstenaar, Elly Holm, vandag, heute, today. Eeufees/Centenary exhibition, Mapungubwe saal, (Brosjyre), Universiteit van Pretoria, Pretoria, 2011.02.09.



Figuur 45: Elly Holm se klei-figuur, 'n kind met 'n musiek instrument¹⁴¹



Figuur 46: Elly Holm se leiklipkuns beeld, die Springbokke¹⁴²

Hierdie *mnemonic artefacts* bring die verlede in die konteks van die hede, waar dit betekenis kry. Artefakte bring stabiliteit in die verhouding tussen dit waarin mens gewortel is en die veranderinge wat mens ervaar in die nuwe land van immigrasie.

¹⁴⁰ WPA, Verhandelingfoto's: H.W. Wehrmeyer, Frankenhof te Silverlakes, Pretoria, 2013.01.25.

¹⁴¹ WPA, Verhandelingfoto's: H.W. Wehrmeyer, Frankenhof te Silverlakes, Pretoria, 2013.01.25.

¹⁴² WPA, Verhandelingfoto's: H.W. Wehrmeyer, Frankenhof te Silverlakes, Pretoria, 2013.01.25.

Hierdie voorwerpe illustreer die huidige waardering en waarde wat Duitse immigrante plaas op hul *Deutschstämmigkeit* – Duitse afstamming - en motiveer hulle om die status quo te behou. Mens kan aflei dat hierdie artefakte in die Duitse immigrante se huise hulle 'n basis gegee het en bygedra het tot stabiliteit en sekuriteit, te midde van ander kulture.¹⁴³ Die Duitse immigrant het die vermoë gekry om in twee of meer verskillende kulture te leef en so die vaardigheid van transkulturasie aangeleer.¹⁴⁴

Intieme verhoudinge

Die tweede kwantifiseerbare kenmerk van transnasionaleiteit is op die gebied van intieme verhoudings. In enige huwelik of geslagsverkeer tussen 'n Duitser en Afrikaner of Engelssprekende vind die paradigma van sintese sy hoogste vorm van uitdrukking.¹⁴⁵ Die huwelik verteenwoordig sosiale harmonie tussen nasies in sy mees intieme en intense vorm - die skepping van 'n unieke transnasionale instelling.¹⁴⁶

In die empiriese studie is daar nie spesifiek aan die respondente gevra van watter nasionaliteit hul lewensmaats was nie, maar wel wat die huistaal en -kultuur was. Onder normale huweliksomstandighede word die huistaal en -kultuur bepaal deur die vroulike maat, tensy daar groter groepsdruk is van 'n ander taalgroep wat dominerend is.

'n Analise van die huweliksmats van 75 respondente het aangedui dat 72% met Duitse maats getrou het ('n vorige analise van immigrante het aangedui dat 79% se huiskultuur Duits gebly het, wat korreleer met hierdie bevinding). 16% Duitse immigrante het met Afrikaanse dames getrou, 5% het met Engelssprekendes getrou, 3% met Nederlanders, 3% het ongetroud gebly en 1% is onbekend.¹⁴⁷

Die Suid-Afrikaanse regering het Duitse immigrante in die ná-oorlogsjare aangespoor om te trou voordat hulle geïmmigreer het. Indien hulle getrou het, het die regering onderneem om hul huweliksmat se vervoerkostes na Suid-Afrika te betaal.

Fred Brahmmer, wat van Schlesien, een van die oostelike gebiede, moes vlug, en in Johannesburg gewerk het, het 'n meisie, Jeanette, ontmoet wie se vader Grieks was,

¹⁴³ H. Dedekind, Design as a stabilising force: An exploration of the visual rhetoric of object in a South African German community with reference to narrative and cultural identity, p. 81.

¹⁴⁴ Kyk D. Hoerder, "Losing national identity or gaining transcultural competence: changing approaches in migration history, in H.G. Haupt & J. Kocka (eds.) *Comparative and transnational history*, p. 258.

¹⁴⁵ M. Tilse, *Transnationalism in the Prussian East: From national conflict to synthesis, 1871-1914*, p. 94.

¹⁴⁶ M. Tilse, *Transnationalism in the Prussian East: From national conflict to synthesis, 1871-1914*, p. 132.

¹⁴⁷ WPA, H.W. Wehrmeyer, *Statistiese analises werkboek*, p. 50.

en met haar getrou. Sy het in Maputo, Mozambiek, grootgeword en daar geleer Portugees praat en later in Johannesburg in Engels gestudeer. Fred het aangedring daarop dat hul huis-kultuur Duits moes wees. Jeanette praat vlot Duits, met 'n ligte aksent. Drie van hul dogters is met Suid-Afrikaanse Duitsers getroud en een van hulle woon in Duitsland. Jeanette was Anglikaans, maar Brahmer 'n Katoliek, en Jeanette het ook 'n Katoliek geword.¹⁴⁸ Eveline Ivanoff¹⁴⁹ het as Duitse immigrant die Russiese Kossak Victor Ivanhoff, wat in 1909 in Vilna gebore is, en in 1937 na Suid-Afrika gekom het, ontmoet en in die huwelik getree. Die foto van Victor Ivanhoff het 'n ereplek in die Russies-Orthodokse Kerk in Midrand, aangesien hy baie gedoen het vir die ontwikkeling van die Russies-Orthodokse Kerk in Suid-Afrika.¹⁵⁰

Minder Duitse immigrante het met Engelstalige Suid-Afrikaners verhoudings aangeknoop ná die oorlog. Baie van die Duitse enkeling-immigrante wat na Suid-Afrika gekom het, het met Afrikaanse meisies getrou, soos Wolfgang Wehrmeyer,¹⁵¹ Jurgen Linke¹⁵² en Arnold Figula.¹⁵³ Prof. Dieter Osterhoff het met 'n Afrikaanse meisie, Bonnie Engel, getrou. Sy was van die Hervormde Kerk, en Osterhoff het die Hervormers aan sy ouers in Duitsland beskryf as 'iets' tussen die *Reformierten und Lutherischen*. Die verlowingseremonie was volgens die Duitse tradisie en die troue volgens die Afrikaanse tradisie. Bonnie het Afrikaans grootgeword en was Engels en Duits magtig. Osterhoff en sy het Afrikaans met mekaar gepraat. Hulle het ongeveer 10 dae weggaan vir hul wittebrood en later die jaar het hulle Duitsland toe gereis sodat hy sy nuwe bruid vir die familie kon gaan wys.¹⁵⁴

Godsdiens

Godsdiens, of welke aard van geloofsstelsel 'n mens het, vorm 'n integrale deel van sy identiteit en hoe die Duitse immigrant godsdiens beleef vorm 'n duidelik herkenbare deel van sy transnasionaliteit. Sy godsdiens verander dikwels as deel van die vorming van sy transnasionaliteit en dit is empiries merkbaar. Immigrante gebruik godsdienstige instellings om hul transnasionale bestaan uit te leef.¹⁵⁵

Wat godsdienstige groeperinge betref, het 67% respondente aangedui dat hulle met hul immigrasie na Suid-Afrika, aan die Evangelies Lutherse Kerk behoort het. Die respondente het soms aangedui dat hulle Evangelies, óf Luthers óf Evangelies

¹⁴⁸ WPA, MO (4B), F. Brahmer, (85), Fairlands, Johannesburg, 2015.03.22, (NF91, CD: S-2).

¹⁴⁹ WPA, MO (3B), E. Ivanhoff, (77), Thabela Gastehuis, Pretoria-Noord, 2014.03.23, (NF73, slegs notas)

¹⁵⁰ WPA, H.W. Wehrmeyer, (54), Capital Park, Pretoria, 2015.06.02, (NF 95, My herinneringe en aantekeninge oor die verlede en hede, p.17.)

¹⁵¹ WPA, MO (1B), W.H. Wehrmeyer, (75), Bothaville, 2008.05.01, (NF01, CD: V-14).

¹⁵² WPA, MO (1B), J.G. Linke, (68), Mayville, Pretoria, 2011.05.01, (NF03, CD: U-19).

¹⁵³ WPA, MO (1B), A. Figula, (68), Meyerspark, Pretoria, 2012.03.07, (NF27, CD: V-5;6).

¹⁵⁴ D.R. Osterhoff, *Memoiren*, p. 99.

¹⁵⁵ P. Levitt, " 'You know, Abraham, was really the first immigrant', Religion and Transnational Migration", *International Perspectives*, 37(3), Fall 2003, pp. 847-873.

Luthers is en is saam gegroep. Die res van die respondente was: Katoliek - 9%; Broedergemeente - 4%; Stadtmission - 2%; geen kerk - 4%; filosofie - 1% en onbekend - 5%.¹⁵⁶

Tydens die opname oor respondente se godsdienstige groeperinge na 'n periode van integrasie en assimilasie, is 'n interessante tendens waargeneem. Die Evangelies Lutherse Kerk-kombinasie het verminder na 43%, die Katolieke het verminder na 7%, die Broedergemeente na 1%, terwyl Stadtmission se presentasie gegroei het tot 12%, geen kerk nie tot 12% (min of meer in ooreenstemming met tendense in Duitsland oor dieselfde periode), Baptiste tot 3%, Apostoliese Geloofsending tot 1%, ELF Fellowship-onafhanklike kerke tot 1%, Vrydenker tot 3%, filosofie tot 1% en ten laaste onbekend tot 7%.¹⁵⁷

Die Evangelies Lutherse Kerk het 36% van hul aanhangers verloor en die Katolieke 44%. Dié wat geen kerk gehad het nie, het met 56% toegeneem en die Stadtmission het met 83% toegeneem. Die Broedergemeente het lede verloor, moontlik toegeskryf aan die feit dat die Broedergemeentes baie sterk was onder die Bruin-gemeenskap en blankes elders 'n geestelike tuiste gevind het.

Martin Stobwasser, die pastoor van die Pretoria Stadtmission, se moeder, Elfriede, was die dogter van die Duitse immigrant Willibald Schaberg, wat die hoof was van die Broedergemeente wat in die 1950's vier miljoen mense verteenwoordig het, meestal onder die Bruin-gemeenskap in die Kaapprovinsie.¹⁵⁸

Die verandering in godsdienstige patrone is 'n aanduiding van integrasie en dat sommige Duitse immigrante in nuwe godsdienstige groepe geassimileer is.

Met die voordeel van terugblik is dit duidelik dat die weerstand van die kerk in totaliteit teen Hitler nie kragtig genoeg was nie en dat weerstand onder kerklidmate teen Nasionaal-Sosialisme onvoldoende was. Hitler het politieke partye en enige ander verenigings en assosiasies voor 'n keuse gestel, *Auflösung oder Gleichschaltung*, ontbind of ondersteun die Nazi-doelstellings en -filosofie. Pastoor M. Niemöller van 'n klein gemeente in Berlyn, het in 1933 die *Pfarrernotbund* gestig, maar hulle getalle was te min om noemenswaardige teëstand te bied.¹⁵⁹

Die kerk in Duitsland het gesamentlik na die Tweede Wêreldoorlog die "*Stuttgarter Schulderklärung*", die Stuttgart skuldbeleidenis-verklaring uitgereik.¹⁶⁰ Die Belhar-

¹⁵⁶ WPA, H.W. Wehrmeyer, Statistiese analises werkboek, p.46.

¹⁵⁷ WPA, H.W. Wehrmeyer, Statistiese analises werkboek, p. 47.

¹⁵⁸ P.W. Schaberg, Gemeindienst – Lebensweg von E. und P.W. Schaberg 1898-1973. Einschließlich Entwicklung der Brüder Kirche in Südafrika, 1929-1970. (Ongepubliseerde memoires, Inglesidestraat 14, Kampsbaai – Kaapstad, 1973

¹⁵⁹ W. Lüthi, *Deutschland zwischen gestern und morgen*, (Verlag Friedrich Reinhardt AG, Basel, 1947), p. 79.

¹⁶⁰ W. Lüthi, *Deutschland zwischen gestern und morgen*, p. 81.

beleidenis, ten opsigte van kerke in Suid-Afrika, se erkenning dat Apartheid verkeerd was, kan moontlik in dieselfde lig gesien word.¹⁶¹

Na Schaberg se aankoms in Suid-Afrika in 1948, word die Apartheidspolitiek van Eerste Minister D.F. Malan deurgevoer en word die praktiese gevolge van die doelwitte duidelik. Schaberg het in 1948 in die naam van die Broederkerk aan die eerste minister geskryf en geprotesteer teen alle gedwonge Apartheid en die daarmee gepaardgaande inkorting van die regte van die Kleurlingbevolking as gevolg van hierdie politieke beleid. Hy het versoek dat die Kleurlinge se regte nie beperk moes word nie, maar dat hulle liever groter moontlikhede gebied moes word. Die minister se sekretaris het ontvangs erken, maar niks meer gesê nie. Op die Broederkerk se kerkkonferensie van 1949 is die mededeling van Schaberg se protes aan die minister met dank en vreugde aangeneem.¹⁶²

Die Broederkerk se posisie in die Suid-Afrikaanse politiek was dat hulle nie altyd welkom was nie. In vergelyking hiermee was die Anglikane by die oorwegend Engelse, Verenigde Party welkom en die drie Afrikaanse susterkerke by die Afrikaner-regering van die Nasionale Party. Die Engelse het die Duitse sendelinge, in die lig van die Tweede Wêreldoorlog, beskou as vyande en die latere NP-regering het hulle beskou as liberale wat nie Apartheid wou aanvaar nie.¹⁶³

As kerk wou die Broederkerk as Christen-kerk by die Woord van God bly, al is daar skreiende ongeregtighede deur die NP-regering gepleeg. Die Broederkerk se doel en roeping was om die Woord van God te verkondig en nie om op te tree as sosiale hervormer en militante kampvegter teen Apartheid nie. 'n Gewelddadige, revolusionêre verwerping van die Apartheidsregering was nie die opdrag van die kerk nie. Die Broederkerk het geglo dat daar ook tye was wanneer die kerk geduldig moes ly in opdrag van God.¹⁶⁴

Gedurende die periode 1960-1969 het die vraag ontstaan: hoe leef mens binne die omgewing van Apartheid, terwyl die kerk se hoofopdrag die verkondiging van die Evangelie is? In die Suid-Afrikaanse Republiek het die staat Apartheid elke jaar met parlamentsitting verder gekonsolideer. Byna al die kerke, met uitsondering van die drie Afrikaanse susterskerke, het geprotesteer teen die gedwonge, kunsmatige diskriminerende skeiding. In teëstelling hiermee het die Nasionale Party al hoe meer setels gewen. Daar was 'n klein kerngroepie leiers in die kerk wat teëstand gebied het en veral onder die Engelssprekende kerke toenemend 'n kritiese standpunt ingeneem het. Van 1977 af was daar 'n groeiende mate van diskriminasie van die Suid-Afrikaanse staat teenoor die kerk, waarop sommige kerke gedeeltelik

¹⁶¹ WPA, Belhar Belydenis, Amptelike webblad van die NG Sinode Hoëveld. www.kerkweb.org/node/1430, geraadpleeg, 2015.06.02.

¹⁶² P.W. Schaberg, Gemeindedienst – Lebensweg von E. und P.W. Schaberg 1898-1973. Einschließlich Entwicklung der Brüder Kirche in Südafrika, 1929-1970, p. 336.

¹⁶³ P.W. Schaberg, Gemeindedienst – Lebensweg von E. und P.W. Schaberg 1898-1973. Einschließlich Entwicklung der Brüder Kirche in Südafrika, 1929-1970, p. 336.

¹⁶⁴ P.W. Schaberg, Gemeindedienst – Lebensweg von E. und P.W. Schaberg 1898-1973. Einschließlich Entwicklung der Brüder Kirche in Südafrika, 1929-1970, p. 337.

geantwoord het met 'n tipe *Bekennenden Kirche*, waar mens dink aan die *Christliche Institut*, die Christelike Instituut. Hierop het die Suid-Afrikaanse staat geantwoord met beperkinge op vryheid van spraak, persone is verban en en sommige is in hegtenis geneem.¹⁶⁵

Met nuwe wetgewing in 1964, wat Swartmense se regte sou beperk, het Schaberg en die Broederkerk weer aan die regering en aan Verwoerd geskryf, maar hul besware is van die tafel afgevee, al het hulle 4 miljoen Suid-Afrikaners verteenwoordig.¹⁶⁶

Burgerskap

Volgens die empiriese analises van 75 Duitse immigrant-respondente het 75% aangedui dat hulle hul Duitse burgerskap behou het, 3% het hul Oostenrykse burgerskap behou en 16% het Suid-Afrikaanse burgerskap aanvaar. Dié met onbekende burgerskap was 7%.

Die behoud van Duitse burgerskap onder die respondente was baie hoog aangeslaan. Daar is ook finansiële voordele verbonde aan Duitse burgerskap soos pensioenuitbetalings. Reinhard Wessel, wat tans afgetree is en in die *Deutsche Altersheim* in Groenkloof, Pretoria woon, ontvang 'n deel van sy pensioen uit Duitsland vir die aantal jare wat hy daar gewerk het.¹⁶⁷

Op 'n vraag aan prof. Heinz Verleger, senior kernfisikus en hoof van Fisika by die Universiteit van Pretoria, waarom hy nie sy Duitse burgerskap wou opgee nie, het hy geantwoord: “ek is 'n Duitser, ek het 'n deel van my lewe vir Suid-Afrika gegee en ek het my twee dogters vir Suid-Afrika gegee”. Sy dik lêer met korrespondensie met Duitsland getuig van sy stryd om homself ge-denazifiseer te kry en om sy Duitse burgerskap te behou.¹⁶⁸

Politiek en die staat

Die Duitse immigrante se ervaring van politiek in Nasionaal-Sosialistiese Duitsland het 'n invloed op hul gesindheid teenoor politiek in Suid-Afrika gehad. In Nasionaal-Sosialistiese Duitsland het die *Führer* gesê hoe gehandel en gedink moes word. Die Nasionaal-Sosialistiese Party het die *Führer* se wense uitgevoer en dié wat nie saamgestem het nie is eenvoudig letterlik en figuurlik uit die pad gevee, soos die

¹⁶⁵ P.W. Schaberg, Gemeindedienst – Lebensweg von E. und P.W. Schaberg 1898-1973. Einschließlich Entwicklung der Brüder Kirche in Südafrika, 1929-1970, p. 439.

¹⁶⁶ P.W. Schaberg, Gemeindedienst – Lebensweg von E. und P.W. Schaberg 1898-1973. Einschließlich Entwicklung der Brüder Kirche in Südafrika, 1929-1970, p. 439.

¹⁶⁷ WPA, MO (1B), R. Wessel, (82), Groenkloof, Pretoria, 2011.06.16, (NF17, CD: X-8).

¹⁶⁸ WPA, MO (4B), U. Spies, gebore Verleger, (78), Groenkloof, Pretoria, 2014.08.06, (NF79, CD: X-22).

insident op die Milwaukee op 'n *Kraft durch Freude* reis na Noorweë in 1937 getuig. Eva Braun, vriendin van Adolf Hitler, was ook op hierdie reis. Onopsigtelik, tussen die passasiers op die skip, was ook die SS Führer, Heindenrich.¹⁶⁹ Op die dag van Hitler se verjaarsdag het die passasiers in die swembad gebaljaar, toe Heindenrich die eerste offisier en die kaptein gevra het dat die mense moes deelneem aan Hitler se verjaarsdagviering. Die eerste offisier en kaptein het geantwoord dat hulle in bevel was van die skip en dat die mense kon doen wat hulle ook al wou. In die Hamburghawe teruggekom, het die Gestapo onmiddellik die eerste offisier en die kaptein gevange geneem. Die eerste offisier is op die plek doodgeskiet, die kaptein se skeepslisensie is van hom af weggeneem en hy was werksloos vir 'n jaar voordat hy bevel van sy skip teruggekry het.¹⁷⁰ Oral in die Duitse gemeenskap was informante en dit het vrees by die Duitsers ingeboesem, soveel so dat die Duitse immigrante ook in Suid-Afrika huiwerig was om hul menings oor politiek uit te spreek. Volgens Klaus Vaqué is dit tot vandag toe so in Duitsland. Hy kan hier in Suid-Afrika sy mening uitspreek, anders as in Duitsland waar media-sensuur streng toegepas word.¹⁷¹

Duitse immigrante in Suid-Afrika het op die rand van die politiek gestaan. Hulle het nie as sodanige deelgeneem aan die politieke leiersgroep nie, maar die situasie ontleed, veral op 'n akademiese vlak.

Dr. Erik Holm, 'n Afrikaner van Duitse afkoms, het met 'n Duitse meisie uit Leipzig getrou, en sonder om sy Afrikaner-identiteit prys te gee, hom met die Duitse volk vereenselwig. Op verskillende maniere het beide volke teen Engelse imperialisme geveg. Holm het tydens die oorlog die Duitse volk as die laaste bolwerk teen Bolsjewisme – Kommunisme - gesien.¹⁷² Vir die Duitsers was die Russiese Kommuniste 'n vyand en in Suid-Afrika in die 1960's, toe Kommunisme vir Suid-Afrika 'n bedreiging begin word het,¹⁷³ kon die Duitse immigrante met Kommunisme as vyand identifiseer.

Duitsers het hulle eie "Apartheid" tydens die oorlog gehad. Dwarsoor Europa, op deure en in voorportale, vir ses jaar lank, was daar bordjies met die woorde *Nur für Deutsche* en soms *Nur für Deutsche, Juden haben keinen Zutritt*. Na die Geallieerde besetting het die Franse in hul besettingsone, in die stad Freiburg (1946), by die groot swembad 'n bordjie opgesit met die woorde *Nur für Franzosen*.¹⁷⁴ In Suid-Afrika het Martin Frische geweier om in die ry vir blankes te staan en by die nie-blanke ry gestaan. Hy wou soos alle ander behandel word.¹⁷⁵ Frische het in 1974

¹⁶⁹ Voorletters onbekend.

¹⁷⁰ I. Von zur Mühlen (ed.), *Urlaub im Dritten Reich*, (DVD, Polarfilm, Gescher, 2005).

¹⁷¹ WPA, MO (2B), K. Vaqué, (74), Esqueria, Pretoria, 2014.09.18, (NF45, CD: Z-12).

¹⁷² E. Holm & R. Kirsten, *Man en standpunt*, (Morester en Noord-Transvaler, Potgietersrus, 1960), pp. 19-20.

¹⁷³ Christendom teen Kommunisme, Referate gelewer by die Volkskongres oor Kommunisme, 31 Maart – 2 April 1964, Stadsaal, Pretoria, (Potchefstroom Herald, (Edms) Bpk, Potchefstroom, 1964), pp. 167-189.

¹⁷⁴ W. Lüthi, *Deutschland zwischen gestern und morgen*, p. 8.

¹⁷⁵ WPA, MO (2B), M. Frische, (62), Garsfontein, Pretoria, 2012.04.30, (NF36, CD: T-6).

geïmmigreer na Suid-Afrika, in 'n tyd toe Apartheid nog hoogty gevier het en blankes in een ry en anderskleuriges in 'n ander ry gestaan het. Vir Frische was dit 'n onreg en hy het hom uitgespreek daarteen. Dit was egter nie sy missie om revolusionêr op te tree nie, maar om die Evangelie van Jesus Christus te verkondig. Hy was 'n doring in die vlees vir die Nasionale Party-regering en gedurende die eerste vier tot ses jaar is sy pos gereeld deur die geheime polisie oopgemaak en sy telefoongesprekke afgeluister. Die geheime polisie het hom ook gewaarsku dat hy moes oppas wat hy preek en dat hy in gevaar was om gedeporteer te word.¹⁷⁶ Frische beklemtoon dat die lands- en staatsadministrasie in Suid-Afrika goed was onder die ou bedeling en erken dat hy ook voordeel van die positiewe aspekte van apartheid geniet het. Nie alles was sleg onder Apartheid nie.¹⁷⁷ Toe die druk op Suid-Afrika in die 1980's begin toeneem het weens Apartheid, het Klaus Vaqué geïnteresseerd begin raak in politiek. Hy het begin navorsing doen en agtergekom dat daar ander rolspelers betrokke was in die groter prentjie en dat die weste en groot internasionale besighede meer belanggestel het in Suid-Afrika se grondstowwe as die welvaart van die land se inwoners. Hy het toe sy bevindinge in 'n boek gepubliseer, *Verrat an Südafrika*.¹⁷⁸ Drukkersmaatskappye in Suid-Afrika en Duitsland het geweier om die boek te druk, waarop hy besluit het om dit self te druk. Die eerste uitgawe was in Duits en 'n reuse sukses. Gou is die boek in Afrikaans en Engels vertaal.¹⁷⁹ Een van die eerste persone uit Duitsland wat hom gelukkigwens het met die boek, was die Duitse prins, Ernst Prinz von Isenburg. Hy het Vaqué ook later in Suid-Afrika besoek as gas. Von Isenburg het 20 eksemplare bestel, wat hy vir sy vriende, Philip, Otto en ander wou gee. Vaqué vertel dat hy eers nie verstaan het nie, maar later begryp het dat Von Isenburg bedoel het om aan sy adellike familieleden, Prins Philip van Engeland, Otto von Habsburg en die vorste von Thurn en Taxis, elkeen 'n kopie te gee.¹⁸⁰

Oudpresident P.W. Botha het Vaqué persoonlik geskakel in verband met die boek en vertel dat hy ook sy generaal se opdrag gegee het om die boek te lees. Nadat Botha op pensioen was, het die finansiële tydskrif, *Financial Mail*, berig gelewer oor 'n onderhoud wat hulle met hom gevoer het. Op die vraag hoe hy nou sy tyd spandeer het, het Botha geantwoord dat hy op daardie oomblik besig was om sy lieflingboek, *Die Plot teen Suid-Afrika*, van die Duitse outeur, Klaus Vaqué van Pretoria, te lees.¹⁸¹ Na die sukses van *The plot against South Africa* het Klaus Vaqué ook 'n twee-weeklikse nuusblad, die *Insider* uitgegee. Die Hamburgse militêre instituut en die Duitse se parlement in Bonn het die nuusblad met belangstelling gelees. Die ses

¹⁷⁶ WPA, MO (2B), M. Frische, (62), Garsfontein, Pretoria, 2012.04.30, (NF36, CD: T-6).

¹⁷⁷ WPA, MO (2B), M. Frische, (62), Garsfontein, Pretoria, 2012.04.30, (NF36, CD: T-6).

¹⁷⁸ K.D. Valué, *Verrat an Südafrika*, (Varama Publishers, Groenkloof, Pretoria, 1988).

¹⁷⁹ WPA MO, (2B), K.D. Value, (74), Esqueria, Pretoria, 2014.09.18, (NF45, CD: Z-12).

¹⁸⁰ K.D. Vaqué, *An der Hand Gottes...von Pommern nach Südafrika*, (Varama Publishers, Groenkloof, Pretoria, 2004), p. 239.

¹⁸¹ K.D. Vaqué, *An der Hand Gottes...von Pommern nach Südafrika*, p. 242.

groot staatsbiblioteke in Suid-Afrika en ook die staatsbiblioteek in Leipzig het ingeskryf op die blad.¹⁸²

Vaqué het in dié tyd 'n netwerk van informante regoor die wêreld opgebou. Hy het vry gevoel om in Suid-Afrika te skryf. Hy sê die situasie in Duitsland was/is anders en wanneer mens in Duitsland wil publiseer moet mens altyd die taboe temas in gedagte hou. In Duitsland word alle media deur die regering gekontroleer.¹⁸³

Im angeblich 'freiesten Rechtsstaat deutscher Geschichte' (Helmut Kohl, voormalige kanselier van die *Bundes Republik Deutschland*) dürfen die Bürger nur das hören und lesen, was die Behörden ihnen erlauben.¹⁸⁴

Soos dit was en is, in die vryste regstaat, volgens die Duitse geskiedenis, mag die burger net hoor en lees wat die staat hom toelaat om te hoor en te lees.

Die Duitse immigrante, van wie sommige die streng oormatige rassehaat, Apartheid en rasse meerderwaardigheid teëgestaan het, het 'n kalmerende invloed op die Afrikaners gehad. Hulle het gevra vir meer menslikheid en gelyke regte. Een van hierdie immigrante was een van die Duitse weeskinders van 1948 wat na Suid-Afrika gekom het. Hy was die elfjarige Lothar Tietz, wat die familienaam van sy pleegouers, Neethling, aangeneem het.¹⁸⁵

Uit die fotoversameling van Juliette Neethling is dit duidelik dat Lothar sonder moeite en voorkeur met ander senior polisie-offisiere van alle rasse geïntegreer het en ook sy vrou Juliette bevestig dat Generaal Lothar Neethling daarop aangedring het dat alle mense op gelyke vlak behandel moes word.¹⁸⁶

Die kern van politieke apartheid was dat Swartmense geen politieke mag en verteenwoordiging in die sogenaamde blanke gebied mag geniet het nie. Elke swart persoon was die burger van 'n tuisland en daar moes hy hom probeer uitlewe. In die 1960's en 1970's het verskeie tuislande, soos Transkei en Bophuthatswana 'n vorm van selfregering ontvang.¹⁸⁷ Leo Graf von Lüttichau het sy dissertasie oor die Suid-Afrikaanse politieke apartheid, getiteld *Selbstverwaltung für die Bantu in der Republik Südafrika*, aan die Johannes Gutenberg Universiteit in Mainz, Duitsland, in 1969 geskryf.¹⁸⁸ Sy ondersoek gaan oor die historiese agtergrond van regering onder nie-blankes, selfregering in Transkei en grondwet, landbou, industrialisering, 'n toekomsblik en kritiek van die buiteland en die moontlike gevolge vir Suid-Afrika. Dit is duidelik dat die Duitse immigrant sy politieke omstandighede in Suid-Afrika wou

¹⁸² K.D. Vaqué, *An der Hand Gottes...von Pommern nach Südafrika*, pp. 242-243.

¹⁸³ K.D. Vaqué, *An der Hand Gottes...von Pommern nach Südafrika*, p. 244.

¹⁸⁴ K.D. Vaqué, *An der Hand Gottes...von Pommern nach Südafrika*, p. 244.

¹⁸⁵ A. Jordaan, *Lothar Neethling: 'n Lewe vertel*, (Litera Publikasies, Paarl Media, Paarl, 2013).

¹⁸⁶ WPA, *Verhandelingfoto's: J. Neethling*, (79), Pretoria, 2014; WPA, *Gevalle studies werkboek*, NF 26-50, p. 173, Foto van Lothar Neethling saam met Polisie offisiere van alle rasse.

¹⁸⁷ H. Gilomee, *Die Afrikaners: 'n Biografie*, (Tafelberg Uitgewers, Kaapstad, 2004), p. 452.

¹⁸⁸ L.W.T. Graf von Lüttichau, *Selbstverwaltung für die Bantu in der Republik Südafrika*, (Ph. D., Universität Johannes Gutenberg, Mainz, Duitsland 1969).

verstaan, aangesien Suid-Afrika se toekoms ook sy toekoms was. Daar was begrip daarvoor dat die apartheidspolitiek slegs tydelik kon wees en dat, aan die einde van die twintigste eeu, die demografie die mag van die nie-blanke sou bevoordeel. Leo Graf von Lüttichau het geglo in Groot Apartheid soos hy dit gestel het en nie in klein apartheid, of die “slegs vir Blankes”-tipe Apartheid nie. Groot Apartheid was vir hom die ontwikkeling van die verskillende swartvolke in hul eie gebiede tot selfregering, waar hulle kon ontwikkel tot op 'n soortgelyke Europese selfstandigheidsvlak, om sodoende in die toekoms in 'n tipe federale Suid-Afrika te kon verenig.¹⁸⁹

In 1950 is F.R. Tomlinson, professor in landbou-ekonomie, aangestel om die potensiaal van die swart reservate in Suid-Afrika te ondersoek.¹⁹⁰ Die Duitse immigrant, Erich Leistner, wat ook sy doktorsproefskrif oor landbou-ekonomie geskryf het, het deelgeneem aan die kommissie se ondersoek. Die kommissie het aanbeveel dat die regering R10 miljard in 1998-waarde moes spandeer aan die ontwikkeling van kleinskaalse landbou in daardie reservate, wat 'n bestaan sou gee aan die helfte van die bevolking in die reservate. Verder het die kommissie ook nywerheidsontwikkeling voorgestel, gegrond op private inisiatief en regeringsprojekte.¹⁹¹ Erich Leistner het met misnoeë vertel hoe H.F. Verwoerd, nadat hy Eerste Minister geword het, hul plan eenvoudig van die tafel gevee het.¹⁹²

Militêre diensplig en die Bosoerlog in die 1980's

Die invloed van Duitse tegnologie op wapenvervaardiging in Suid-Afrika is legio, en 'n studie soos hierdie kan nie die werklike prent weergee nie. Wat hier weergegee word, is net die punt van die ysberg en die geheel kan in 'n ander studie meer breedvoerig ondersoek word.

Vanaf 1984 het die intensiteit van die bosoerlog in Angola toegeneem en met die groterwordende getal Kubaanse soldate en gesofistikeerdheid van wapenrusting en Sowjet-raadgewers en generaals, het die behoefte groter geword om die militêre aanslag teen Suid-Afrika die hoof te bied. 'n Sekere Duitse immigrant, wat onder Generaal Erwin Rommel in Afrika gedien het en later 'n Generaal-Majoor geword het en geveg het teen die Russiese magte, sou in die 1980's 'n groot rol in die Suid-Afrikaanse mobiele oorlogvoering speel.

¹⁸⁹ WPA, MO (2B), L.W.T.Graf Von Lüttichau, (75), Groenkloof, Pretoria, 2013.01.12, (NF49, CD: X-2).


¹⁹⁰ H. Gilomee, *Die Afrikaners: 'n Biografie*, (Tafelberg Uitgewers, Kaapstad, 2004), p. 435.

¹⁹¹ H. Gilomee, *Die Afrikaners: 'n Biografie*, p. 465.

¹⁹² WPA, MO (3B), E. Leistner, (87), Die Wilgers, Pretoria, 2013.07.01, (NF58, CD: Y-18).



Figuur 47: Lieutenant-Kolonel F.W. von Mellenthin (links) saam met Generaal Erwin Rommel (middel) tydens die Tweede Wêreldoorlog in Noord-Afrika, 1942 ¹⁹³



V.I.n.r. Kmdt Paul Mertz, Genl F.W. von Mellenthin en Kol R. de Vries in 'n ontspanne oomblik tydens 'n veldoefening.

¹⁹³

R. De Vries, *Mobiele oorlogvoering, 'n perspektief vir Suider-Afrika*, (F.J.N. Harman Uitgewers, Silverton, 1987), p. xi; F.W. von Mellinthen, translated by H. Betzler, *Panzer Battles*, (Futura Publications Ltd, Londen, 1979), p. 56.

Figuur 48: Generaal-Majoor F.W. von Mellenthin (middel) met Kolonel (later Generaal-Majoor) Roland de Vries van die 61 Gemeganiseerde Bataljon bestaande uit Ratel-pantservoertuie¹⁹⁴

Hierdie Duitse immigrant was Generaal-Majoor Friedrich Wilhelm von Mellenthin. Ná die Tweede Wêreldoorlog het hy 'n boek geskryf oor sy ervaring van die Russiese militêre strategieë en doktrine, getiteld "*Panzer Battles*".¹⁹⁵ Von Mellenthin skryf:

Die moderne geveg van die gekombineerde magte word beweeglik gevoer. Die tegniek, veral die rekenaarstegniek, vereis, 'n hoë graad van intellektuele buigzaamheid, suiwer oordeelsvermoë en selfstandige optrede van die offisiere van die moderne weermag. Alleenlik opleiding, met die grondbeginsels van bevelstaktiek en swaartepunt-taktiek as middelpunt, maak die offisier opgewasse vir hierdie eise. Soos die grondlegger van die Duitse pantserkorps, Generaal Heinz Guderian, gesê het: "*Nicht kleckern, sondern klotzen!*", "Moenie rondtrap nie, maar vorm 'n kern!" Bevel en beheer in oorlogsgevegte, is 'n kuns, 'n sorgvuldige beoordeling van die situasie wat moet lei tot 'n glashelder beslissing.¹⁹⁶

Dit gaan daaroor om met kleiner magte, groter magte te verslaan, met goeie krygsinoefening en vernuf.¹⁹⁷ Von Mellenthin het 'n groot invloed gehad op Roland De Vries, wat in 1987 bevelvoerder en Kolonel van 61 Meg was, die eenheid wat toegerus was met die Ratel-pantservoertuie. Von Mellenthin het self veldoefeninge bygewoon by Lohatla en die soldate afgerig.¹⁹⁸ Die sukses van die toepassing van hierdie doktrine en opleiding is onder andere bewys in die veldslag van Lomba in 1987.¹⁹⁹

Rüsch het gesê dat die Amerikaners 'n *Bombe Krieg* het – duisende tonne bomme is deur die Amerikaners op die Duitse stede gegooi tydens die Tweede Wêreldoorlog. Die enigste beskerming wat die Duitse infanteris gehad het, was die "Fox hole". Dit is 'n klein gat in die grond, groot genoeg vir 'n man om in te kruip. Hierdie tegniek het die Suid-Afrikaners ook in die Bosoerlog gebruik toe die Sowjet-gesteunde Kubaanse en Fapla-magte 'n lugoormag gehad het.²⁰⁰

Beide Vaqué se twee seuns het militêre diensplig gedoen. Mark het weermag toe gegaan en te Voortrekkerhoogte gedien, nadat hy 'n graad in rekenaarstudie aan die Universiteit van Pretoria voltooi het. Omdat hy Duitse burgerskap gehad het, was dit nie nodig vir hom om diensplig te doen nie, maar die wet is verander en hy is Suid-

¹⁹⁴ R. De Vries, *Mobiele oorlogvoering, 'n perspektief vir Suider-Afrika*, p. xi.

¹⁹⁵ F.W. Von Mellenthin, *Panzer Battles*, (Futura Publications Limited, London, 1979).

¹⁹⁶ R. De Vries, *Mobiele oorlogvoering, 'n perspektief vir Suider-Afrika*, p. ix.

¹⁹⁷ R. De Vries, *Mobiele oorlogvoering, 'n perspektief vir Suider-Afrika*, p. 3.

¹⁹⁸ R. De Vries, *Mobiele oorlogvoering, 'n perspektief vir Suider-Afrika*, p. 200.

¹⁹⁹ D. Mannall, *Battle on the Lomba 1987, The day a South African Armoured Battalion shattered Angola's last mechanised offensive, a crew commander's account*, (Henry Ling Limited, Dorchester), pp. 171-218.

²⁰⁰ D. Mannall, *Battle on the Lomba 1987, The day a South African Armoured Battalion shattered Angola's last mechanised offensive, a crew commander's account*, p.152.

Afrikaanse burgerskap gegee en moes diens doen. Op die ouderdom van 30, kon Mark nie werk vind in Suid-Afrika nie, weens die *Black Economic Empowerment*-beleid van die ANC-regering, wat teen Europeërs diskrimineer. Vaqué het met hom na Hamburg in Duitsland gereis waar Mark onmiddellik 'n goeie pos gekry het en hy woon tans nog in Duitsland met sy familie. Ralf Vaqué het na sy basiese militêre opleiding aan die grens van Namibië diens gedoen. Hy het met 'n Afrikaanse meisie getrou en die meeste van sy vriende is Afrikaans. Klaus Vaqué is van mening dat sy seun, Ralf na sy (Klaus se) dood, totaal met die Afrikaanse gemeenskap sal integreer.²⁰¹

In die 1970's en 1980's was Suid-Afrika veral in die binneland in 'n lae intensiteit oorlog betrokke. Die plaaslike, en veral die blanke boeregemeenskap, was in militêre kommando's ingedeel. Graf von Lüttichau het op twee plase in die Pietersburg/Polokwane-distrik geboer. Hy wou nie hê dat Afrikaners en Engelse hom moes beskerm omdat hy 'n Duitse burger was en nie nodig geag is dat hy in die kommando's opgeneem word nie. Hy het aangemeld en in 1973 saam met ander boere sy eerste vier-weke kamp gedoen. Hy is van mening dat hulle baie deeglik opgelei is. Hulle het geleer om te marsjeer, om padblokkades op te stel en het hulle wapens goed geken. In die proses het hy baie vriende en kamerade gemaak en ook by boereverenigings en ander gemeenskapsorganisasies aangesluit.²⁰² Die hele blanke gemeenskap is paraat gemaak om die kommunistiese aanslag teen Suid-Afrika die hoof te bied. Ook die Duitse immigrante is daarby betrek. Volker Mengelberg en sy vrou, Rosemarie, vertel dat hulle ook betrokke was by aksies om die burgerlike beskermingsdienste op te bou tot die behoefte daarvoor nie meer daar was nie.²⁰³

Slotsom

Verskeie organisasies het deel uitgemaak van die transnasionale sosiale netwerke van die Duitse immigrante. Sommige was daar voordat die Duitse immigrante ná 1945 opgedaag het, soos die Duits-Afrikaanse Hulpbond en die Suid-Afrikaans-Duitse Kultuurvereniging. Ander is gevorm na hulle aankoms, byvoorbeeld die Bond vir oud-Duitse soldate en geïnterneerdes, *Schlaraffen, Freunde des Deutschen Ostens* en die Duitse Stadtmission kerkgenootskap. Daar was ook nog die Duits-Suid-Afrikaanse sakekamer waaraan geen tyd afgestaan is in hierdie ondersoek nie omdat nie een van die respondente direk daarby betrokke was nie. Dit bied 'n veld vir 'n verdere studie.

Sommige organisasies het 'n kort leeftyd gehad en bestaan nie meer nie, soos die Duits-Afrikaanse Hulpbond, die Bond vir oud-Duitse soldate en geïnterneerdes en die Duitse mannekoor wat onder die leiding van Volker Mengelberg gestaan het.

²⁰¹ WPA, MO (2B), K.D. Vaqué, (74), Esqueria, Pretoria, 2014.09.18, (NF45, Z-12).

²⁰² WPA, MO (2B), L.W.T. Graf von Lüttichau, (76), Groenkloof, Pretoria, 2014.11.10, (NF49, slegs notas).

²⁰³ WPA, MO (1B), V. Mengelberg, (82), Valhalla, Pretoria, 2011.11.20, (NF21, CD: V-3,4).

Ander organisasies is naby aan hulle waarskynlike einde, soos die Suid-Afrikaans-Duitse Kultuurvereniging en *Freunden des Deutsche Ostens*, wie se lede nou in hulle laat sewentiger- en tagtigerjare is. Ander transnasionale organisasies, soos die *Schlaraffen*, die Stadtmission, Lutherse en Duitse Katolieke kerkgenootskappe en Duitse privaatskole sal nog moontlik langer bestaan, solank daar nog Duitssprekendes in Suid-Afrika is.

Bogenoemde organisasies het 'n belangrike rol gespeel in die Duitse immigrante se transnasionale identiteit. Met behulp van hierdie organisasies het die Duitsers mekaar gevind en verhoudinge aangeknoop, plaaslik in Suid-Afrika en ook met die *heimatland*, Duitsland, asook ander Duitssprekende lande soos Oostenryk en Switserland.

In die transnasionale ruimtes van taal en kultuur, intieme verhoudinge, godsdiens, burgerskap en politiek het die Duitse immigrante en hul kinders 'n unieke ervaring in Suid-Afrika beleef. Bly en dankbaar oor die geleentheid om in 'n nuwe land te mag woon en werk, het hulle deel gevoel aan die land. Tog, vir baie Duitse immigrante was dit 'n soort vrywillige verbanning uit hul vaderland. Weens die gevolge van die Tweede Wêreldoorlog, die konfiskering van hul eiendom in die Oos-Europese gebiede en die vernietiging van Duitsland en die ekonomie, het hulle teruggehuur na Duitsland. Veral onder die vroulike respondente kon hierdie heimwee bespeur word - die agterlaat van huis en haard, vriende en familie.

In die volgende hoofstuk word die Duitse immigrante se transnasionale identiteit, oftewel transnasionale identiteit ondersoek. 'n Paar Duitse immigrante se ervaringe word op 'n prosopografiese wyse beskryf om 'n algemene beeld te verkry van hoe die groep daarna uitgesien het. Die fokus is op Wolfgang Wehrmeyer en sy transnasionale ervaringe.